- (a) Tydens die eerste kontak met 'n *kind* wat vermoedelik 'n misdryf gepleeg het, moet die *lid*, indien die omstandighede dit toelaat, homself of haarself voorstel aan die *kind* en, indien 'n ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig is, ook aan sodanige persoon.
- (b) Die *lid* moet aan die *kind* verduidelik dat daar vermoed word dat hy of sy die misdryf gepleeg het. Die *lid* moet dit aan die *kind*

verduidelik in 'n taal wat hy of sy verstaan, verkieslik in die moedertaal van die *kind*, deur eenvoudige woorde te gebruik om die *kind* te help om 'n beter begrip te hê van die strafregpleging ten opsigte van *kinders* en die prosedure wat in sy of haar saak gevolg sal word. Die *kind* moet verstaan dat hierdie 'n baie ernstige saak is.

- (c) Die *lid* moet beseftig dat die *kind* in die teenwoordigheid van die Polisie oorweldig en bang mag wees en moet derhalwe die aard van die misdryf en die prosedure wat in sy of haar geval gevolg sal word, geduldig verduidelik. Die *lid* moet genoegsame besonderhede oor die aangeleentheid verskaf en voldoende tyd toelaat dat die *kind* die inligting kan verwerk. Die *lid* moet die *kind* aanmoedig om vrae te vra, daarop antwoord en homself of haarself tevrede stel dat die *kind* die inligting en verduideliking wat gegee is, verstaan. Die *lid* kan antwoorde van die *kind* ontlok deur vrae te vra om seker te maak dat hy of sy die inligting verstaan.
- (d) 'n *Lid* moet nie 'n *kind* verneder of intimideer nie en moet te alle tye die *kind* op 'n wyse behandel en met hom of haar kommunikeer op 'n toepaslike wyse, inaggenome die ouderdom, volwassenheid en ontwikkelings stadium van die *kind*. Hoe jonger die *kind*, hoe meer geduldig moet die *lid* wees en hoe meer begrip moet hy of sy aan die dag lê. Die vlak van skoling van die *kind* en die *kind* se vermoë om te lees en skryf is ook relevant wanneer oorweeg word wat die gepaste wyse sal wees om die *kind* te behandel en met hom of haar te kommunikeer.
- (e) Die *lid* moet stappe doen om die privaatheid en menswaardigheid van die *kind* te beskerm en moet verseker dat gesprekke met die *kind* en sy of haar ouer of voog of 'n *geskikte volwassene* (hetsy by die polisiestasie of op die misdaadtoneel) privaat plaasvind, uit die sig en gehoor van ander persone.
- (f) 'n *Lid* wat aan 'n *kind* en sy of haar ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* die inhoud van 'n kennisgewing of prosedure verduidelik, moet die agtergrond van die *kind*, die ouer, voog of *geskikte volwassene* en die feit dat hulle nie vertrouwd mag wees met die werking van die howe en hofprosedure nie, in ag neem. Die *lid* moet die inhoud van 'n kennisgewing of prosedure in eenvoudige, verstaanbare taal verduidelik en voldoende besonderhede aan die *kind* en ouer, voog of *geskikte volwassene* oordra. Die *lid* moet ook die *kind*, ouer, voog of *geskikte volwassene* aanmoedig om vrae te vra sonder om hom of haar te onderbreek.

(3) Taal van kommunikasie

- (a) 'n *Lid* moet met die *kind*, ouer, voog of *geskikte volwassene* praat in 'n taal wat hulle verstaan, verkieslik die taal van hulle keuse, en eenvoudige woorde gebruik.
- (b) Indien 'n *lid* —
- (i) nie in staat is om te bepaal watter taal die *kind* en ouer, voog of *geskikte volwassene* verstaan nie; of
 - (ii) nie 'n taal kan praat wat die *kind* en ouer, voog of *geskikte volwassene* verstaan nie;
- moet die *lid* die inligting in Engels verduidelik.
- (c) In die geval waar die *kind* en ouer, voog of *geskikte volwassene* nie Engels verstaan nie, moet die *lid* die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder dienooreenkomstig inlig. Die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder moet bepaal watter taal die *kind* en ouer, voog of *geskikte volwassene* verstaan en verseker dat die inligting in daardie taal oorgedra word.
- (d) In die geval waar die *kind* en ouer, voog of *geskikte volwassene* nie Engels verstaan nie, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder 'n inskrywing in die Voorvalleboek (VB) maak waarin die stappe uiteengesit word wat gedoen is om te verseker dat die inligting aan die *kind* en ouer, voog of *geskikte volwassene* oorgedra word in 'n taal wat hulle verstaan.

(4) Arrestasie en aanhouding van kinders

- (a) 'n *Kind* mag slegs as 'n laaste uitweg gearresteer word en, indien die *kind* gearresteer is, moet hy of sy vir die kortste moontlike tyd aangehou word.
- (b) 'n *Lid* wat, ingevolge *die Wet* en hierdie Instruksie, gemagtig is om 'n *kind* te arresteer, mag besluit om die *kind* eerder nie te arresteer nie, maar om die ondersoek eers af te handel en die dossier daarna na die aanklaer te verwys om te oorweeg of die *kind* vervolg moet word of nie, en, indien wel, om 'n dagvaarding te laat uitreik om die teenwoordigheid van die *kind* by die *voorlopige ondersoek* te verseker.
- (c) By oorweging of die *kind* gearresteer moet word en of die ondersoek eers afgehandel moet word en die dossier daarna na die aanklaer verwys moet word sodat die aanklaer kan oorweeg of die *kind* vervolg moet word en of 'n dagvaarding uitgereik moet word, kan 'n *lid* enige inligting oorweeg wat in die Afwentelingsregister vervat is. Die Afwentelingsregister word deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in stand gehou en bevat besonderhede van *kinders* wie se strafsake afgewentel is. Hierdie inligting kan die *lid* help om te besluit of dit in die omstandighede gepas sal wees, inaggenome die inligting wat

verkry is van die Afwentelingsregister, om die *kind* te arresteer of om eerder die roete van 'n dagvaarding te volg.

- (d) 'n *Lid* moet verseker dat —
- (i) 'n *kind* apart van volwassenes en seuns apart van meisies aangehou word;
 - (ii) 'n *kind* aangehou word in omstandighede wat sy of haar bepaalde kwesbaarheid in ag neem en wat die risiko van benadeling aan daardie *kind* sal verminder, insluitende die risiko van benadeling deur ander *kinders*;
 - (iii) die *kind* besoeke kan ontvang van ouers, *geskikte volwassenes*, *voogde*, regsverteenwoordigers, geregistreerde maatskaplike werkers, *proefbeampes*, assistent-proefbeampes, gesondheidswerkers, godsdiensraadgewers en enige ander persoon wat, ingevolge enige wet, geregtig is om die *kind* te besoek; en
 - (iv) die *kind* versorg word op 'n wyse wat rekening hou met die bepaalde behoeftes van *kinders*, insluitende die voorsiening van —
 - (aa) onmiddellike en gepaste gesondheidsorg in die geval van enige siekte, besering of ernstige sielkundige trauma ooreenkomstig die prosedure soos uiteengesit in Staande Order (Algemeen) 349;
 - (bb) voldoende voeding, water, komberse en linne; en
 - (cc) sanitêre doekies (indien benodig deur meisies).

4. **Verantwoordelikheid van die Afdelingskommissaris: Sigbare Polisiëring, Provinsiale Kommissarisse en Stasiebevelvoerders**

- (1) Die Afdelingskommissaris: Sigbare Polisiëring moet vanaf die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling die —
- (a) kontakbesonderhede van elke *aangewese proefbeampte* in elke provinsie en enige veranderinge daaraan, bekom; en
 - (b) inligting bekom van die ligging, geriewe, kenmerke en vlak van sekuriteit wat deur elke *kinder- en jeugsorgsentrum* gebied word.
- (2) Die Afdelingskommissaris: Sigbare Polisiëring moet 'n lys opstel wat die inligting, waarna in subparagraaf (1) verwys word, ten opsigte van elke provinsie bevat en elke Provinsiale Kommissaris voorsien van 'n afskrif van die lys ten opsigte van sy of haar provinsie.
- (3) 'n Provinsiale Kommissaris moet 'n afskrif van die lys aan elke stasiebevelvoerder in sy of haar provinsie verskaf.
- (4) Elke stasiebevelvoerder moet verseker dat die inligting waarna in subparagraaf (3) verwys word, wat van die Provinsiale Kommissaris ontvang is, te alle tye in die gemeenskapdiensentrum van sy of haar stasie beskikbaar is en opgedateer word wanneer nuwe inligting van die Provinsiale Kommissaris ontvang word.

- (5) Elke stasiebevelvoerder moet met die *aangewese proefbeampte* skakel en, indien 'n ander *proefbeampte* aangewys word, die nuut *aangewese proefbeampte*, om ooreenkoms te bereik oor —
- (a) die wyse waarop hy of sy in kennis gestel moet word van die *arrestasie* van 'n *kind* of voorsien moet word van 'n afskrif van 'n inligtingskennisgewing of Skriftelike Kennisgewing wat aan of ten opsigte van 'n *kind* uitgereik word (byvoorbeeld deur die oorhandiging van 'n afskrif van die Kennisgewing, of deur dit na 'n bepaalde nommer te faks en die *aangewese proefbeampte* telefonies van die faks in kennis te stel); en
 - (b) die prosedure wat gevolg moet word in die geval waar 'n *lid* nie in staat is om kontak te maak met die *aangewese proefbeampte* om hom of haar in kennis te stel of, soos uiteengesit in subparagraaf (a), 'n afskrif van 'n Kennisgewing, aan hom of haar te oorhandig nie.
- (6) Die stasiebevelvoerder moet die inligting soos ooreengekom met die *aangewese proefbeampte* waarna in subparagraaf (5) verwys word, skriftelik uiteensit.
- (7) Die stasiebevelvoerder moet verseker dat 'n afskrif van —
- (a) *die Wet*;
 - (b) die Regulasies ingevolge *die Wet* uitgevaardig;
 - (c) hierdie Nasionale Instruksie;
 - (d) die stasie orders wat ingevolge subparagraaf (8) deur hom of haar uitgereik is; en
 - (e) 'n dokument wat die inligting bevat waarna in subparagraaf (6) verwys word;
- te alle tye in die Gemeenskapsdiensentrum beskikbaar is.
- (8) Die stasiebevelvoerder moet stasie orders uitvaardig wat, inaggenome die unieke omstandighede wat in sy of haar bepaalde stasiewyk heers, die ooreenkoms wat bereik is met die *aangewese proefbeampte* en die beskikbare hulpbronne, ens., —
- (a) van 'n *lid* onder sy of haar bevel vereis om die benadering te volg waarop ooreengekom is, waarna in subparagraaf (6) verwys word; en
 - (b) in die algemeen, *lede* onder sy of haar bevel, opdrag gee oor enige ander onderwerp rakende die behandeling van *kinders wat met die gereg bots* wat hy of sy, ten opsigte van sy of haar bepaalde stasiewyk, nodig ag.
- (9) Waar die polisiestasiewyk deel vorm van 'n groter area wat uit meer as een polisiestasiewyk bestaan en 'n radiobeheereenheid is gestig om sodanige groter area te patroleer en klagtes by te woon, moet elke stasiebevelvoerder van 'n stasie in sodanige groter area, vir inligtingsdoeleindes, die bevelvoerder van so 'n radiobeheereenheid voorsien van 'n afskrif van die stasie orders wat ooreenkomstig

subparagraaf (8) uitgevaardig is, en, indien hy of sy die orders wysig, 'n afskrif van die opgedateerde weergawe daarvan.

- (10) Die stasiebevelvoerder moet toesien dat alle funksionele *lede* by sy of haar stasie indiensopleiding (ook by stasiebyeenkomste) ondergaan oor *die Wet*, die Regulasies, hierdie Instruksie en die stasie orders wat deur hom of haar uitgereik is.

5. Misdrywe wat by die Polisie aangemeld word

- (1) Indien 'n lid van die publiek by 'n polisiebeampte aanmeld dat 'n misdryf gepleeg is, sal die lid van die publiek normaalweg nie weet wie die misdryf gepleeg het nie. In so 'n geval moet die polisiebeampte 'n beëdigde verklaring neem, 'n dossier open en dit op MAS registreer. Dieselfde geld die geval waar 'n lid van die publiek vermoed dat die misdryf gepleeg is deur 'n bepaalde persoon wie se ouderdom aan die lid van die publiek onbekend is, maar wie hy of sy glo 'n volwasse persoon, of ten minste ouer as 10 jaar is.
- (2) Die speurder wat as die ondersoekbeampte aangewys is, moet, indien hy of sy gedurende die loop van die ondersoek van die misdryf, vasstel dat die persoon wat na bewering die misdryf gepleeg het 'n *kind* is, die *kind* ooreenkomstig hierdie Instruksie hanteer.
- (3) Indien 'n lid van die publiek die beweerde pleging van 'n misdryf by 'n polisiebeampte aanmeld en die lid van die publiek weet dat die persoon wat die beweerde misdryf gepleeg het, jonger as 10 jaar is en alleen opgetree het (met ander woorde, nie deur 'n volwassene gebruik is om die misdryf te pleeg nie), moet die lid van die publiek ingelig word dat 'n *kind* onder die ouderdom van 10 jaar nie toerekeningsvatbaar is nie en nie vir die pleging van 'n misdryf gearresteer, vervolg of skuldig bevind kan word nie. In so 'n geval, moet die *lid* —
- (a) die besonderhede van die persoon wat die pleging van die beweerde misdryf aanmeld, tesame met die besonderhede van die beweerde misdryf, neem;
 - (b) by die lid van die publiek vasstel hoe hy of sy weet dat die *kind* wat na bewering die misdryf gepleeg het, jonger is as 10 jaar en alleen opgetree het (nie deur 'n volwassene gebruik is om die beweerde misdryf te pleeg nie);
 - (c) by die lid van die publiek vasstel wat die besonderhede van die *kind* (naam en woonadres) is, asook enige inligting wat die lid van die publiek mag hê wat behulpsaam kan wees om te bepaal of die *kind* 'n *kind* is wat sorg en beskerming en onmiddellike dringende beskerming nodig het, soos wat in die Nasionale Instruksie oor die Sorg en Beskerming van Kinders ingevolge die Kinderwet uiteengesit word;
 - (d) 'n volledige inskrywing in die Voorvalleboek (VB) maak waarin die besonderhede van die beweerde misdryf, die persoon wat dit aangemeld het en die inligting wat deur die lid van die publiek

- verskaf is, (waarna verwys word in subparagraaf (c)) aangeteken word; en
- (e) aan die lid van die publiek 'n verwysingsnommer van die VB-inskrywing verskaf.
- (4) Die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder moet homself of haarself tevrede stel dat die voorval wat deur die lid van die publiek aangemeld het, wel plaasgevind het, dat die *kind* wat waarskynlik verantwoordelik is vir die voorval, jonger as 10 jaar is en, indien wel, ooreenkomstig paragraaf 7(4) van hierdie Instruksie optree.

6. Optrede van 'n lid by 'n misdadaadtoneel

- (1) Indien 'n *lid* —
- (a) teenwoordig is terwyl 'n misdryf gepleeg word; of
- (b) opdaag op die toneel na die pleging van die misdryf en terwyl die oortreder steeds op die misdadaadtoneel is,
- moet die *lid* alles doen wat rederlikerwys nodig is om die veiligheid van enige persoon op die misdadaadtoneel te verseker, die beweerde oortreder van die misdryf te stop en om die misdadaadtoneel te beveilig, ongeag die ouderdom van die persoon wat na bewering die misdryf gepleeg het.
- (2) Indien die persoon wat na bewering die misdryf gepleeg het, volgens die kennis van die *lid*, 'n *kind* van 'n bepaalde ouderdom is, moet die *lid* die *kind* ooreenkomstig hierdie Instruksie hanteer in sover dit handel oor 'n *kind* van daardie ouderdom wat na bewering sodanige misdryf gepleeg het.
- (3) Indien die *lid* onseker is of die persoon wat na bewering die misdryf gepleeg het, 'n volwassene of 'n *kind* is en, indien 'n *kind*, wat die ouderdom van die *kind* is, moet die *lid* enige inligting versamel wat op die misdadaadtoneel beskikbaar kan wees en wat hom of haar tevrede sal stel dat die persoon 'n *kind* of 'n volwassene is en, indien 'n *kind*, wat die ouderdom van die *kind* is. Sodanige inligting kan inligting insluit wat beskikbaar is van getuies of ander persone (soos 'n ouer of vriend van die *kind*) wat op die misdadaadtoneel teenwoordig kan wees of enige dokumentasie (soos 'n geboortesertifikaat, identiteitsdokument of bestuurslisensie).
- (4) Indien die *lid* tevrede is dat die persoon wat na bewering die misdryf gepleeg het, 'n volwassene is, sal hierdie Instruksie nie geld nie.
- (5) Indien die *lid* tevrede is dat die persoon wat na bewering die misdryf gepleeg het, 'n *kind* van 'n sekere ouderdom is, moet die *lid* die *kind* hanteer in ooreenstemming met hierdie Instruksie sover dit verband hou met 'n *kind* van daardie ouderdom.
- (6) Indien die *lid* tevrede is dat die persoon wat na bewering die misdryf gepleeg het, 'n *kind* is, maar hy of sy is steeds onseker oor die presiese ouderdom van die *kind*, moet die *lid* die jongste ouderdom oorweeg wat

die *kind* moontlik kan wees en die *kind* ooreenkomstig hierdie Instruksie hanteer sover dit verband hou met 'n *kind* van daardie ouderdom.

7. Hantering van 'n kind jonger as 10 jaar wat na bewering enige misdryf gepleeg het

- (1) Indien 'n *lid* vermoed dat 'n *kind* 'n misdryf gepleeg het, maar dat die *kind* jonger is as 10 jaar, **MOET** die *lid* die *kind* **NIE** arresteer **NIE**.
- (2) Indien die ouer of *voog* van die *kind* teenwoordig is, moet die *lid* —
 - (a) indien 'n SAPD 583(a) (Inligtingskennisgewing aan persoon aan wie 'n kind jonger as 10 jaar oorhandig word) op die toneel beskikbaar is, —
 - (i) die inligtingskennisgewing voltooi en die inhoud van die kennisgewing aan die ouer of *voog* verduidelik;
 - (ii) die oorspronklike inligtingskennisgewing aan die ouer of *voog* oorhandig en die ouer of *voog* versoek om op die eerste duplikaat oorspronklike inligtingskennisgewing te teken om ontvangs van die kennisgewing te erken;
 - (iii) die *kind* aan die ouer of *voog* oorhandig; en
 - (iv) die eerste duplikaat oorspronklike inligtingskennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* oorhandig en bewys hou dat die inligtingskennisgewing deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is;
 - (b) indien 'n SAPD 583(a) (Inligtingskennisgewing aan persoon aan wie 'n kind jonger as 10 jaar oorhandig word) is nie op die toneel beskikbaar nie, maar die ouer of *voog* van die *kind* is gewillig en in staat om die *kind* na die polisiestase te neem, reëlings tref met die ouer of *voog* van die *kind* om die *kind* na die polisiestase te neem en ooreenkomstig subparagraaf (a)(i)-(iv) op te tree;
 - (c) indien 'n SAPD 583(a) (Inligtingskennisgewing aan persoon aan wie 'n kind jonger as 10 jaar oorhandig word) nie op die toneel beskikbaar is nie en die ouer of *voog* van die *kind* is nie gewillig of in staat om die *kind* na die polisiestase te neem nie, maar reëlings kan getref word dat 'n inligtingskennisgewing na die toneel gebring word, reël dat die inligtingskennisgewing na die toneel gebring word en die *kind* en die ouer of *voog* daar hou totdat die inligtingskennisgewing op die toneel is, waarna die *lid* ooreenkomstig subparagraaf (a)(i)-(iv) moet optree;
 - (d) indien 'n SAPD 583(a) (Inligtingskennisgewing aan persoon aan wie 'n kind jonger as 10 jaar oorhandig word) nie op die toneel beskikbaar is nie en —
 - (aa) die ouer of *voog* van die *kind* is nie gewillig of in staat om die *kind* na die polisiestase te bring nie; en
 - (bb) reëlings kan nie getref word dat 'n inligtingskennisgewing binne 'n redelike tyd na die toneel gebring kan word nie, die *kind* en die ouer of *voog* na die polisiestase neem en ooreenkomstig subparagraaf (a)(i)-(iv) optree.

- (3) Indien die ouer of *voog* van die *kind* nie teenwoordig is nie, moet die *lid* vasstel of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig is en, indien wel, die bepalings van paragraaf (2) toepas (vervang "ouer of *voog*" met "*geskikte volwassene*").
- (4) Indien nóg die ouer of *voog* van die *kind*, nóg 'n *geskikte volwassene* teenwoordig is, moet die *lid* sodanige stappe doen as wat in die omstandighede redelik is om die ouer of *voog* van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* te kontak en, —
- (a) indien suksesvol, die ouer of *voog* van die *kind* of die *geskikte volwassene* versoek om die *kind* by die polisiestatie af te haal. Wanneer die ouer of *voog* van die *kind* of die *geskikte volwassene* die *kind* afhaal, moet die *lid* ooreenkomstig subparagraaf (2)(a)(i)-(iv) optree; of
- (b) indien onsuksesvol, die *kind* na 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* neem en —
- (i) 'n SAPD 583(a) (Inligtingskennisgewing aan persoon aan wie 'n kind jonger as 10 jaar oorhandig word) voltooi en aan die persoon wat die *kind* ontvang, die inhoud van die kennisgewing verduidelik;
- (ii) die oorspronklike inligtingskennisgewing oorhandig aan die persoon wat die *kind* ontvang en sodanige persoon versoek om op die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing te teken om ontvangs van die kennisgewing te erken;
- (iii) die *kind* aan daardie persoon oorhandig; en
- (iv) die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* voorsien en bewys hou dat die inligtingskennisgewing deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is.
- (5) Indien die ouer of *voog* van die *kind* of die *geskikte volwassene* teenwoordig is of die *kind* kom afhaal, maar daar uitsonderlike omstandighede is wat die *lid* tevrede stel dat dit nie in die beste belang van die *kind* sal wees, soos uiteengesit in paragraaf 2(3) van die Nasionale Instruksie oor die Sorg en Beskerming van Kinders ingevolge die Kinderwet, om die *kind* aan sodanige persoon te oorhandig nie, moet die *lid* ooreenkomstig subparagraaf (4)(b) optree.

8. Hantering van 'n kind wat 10 jaar of ouer is en wat na bewering 'n misdryf, waarna in Bylae 1 van die Wet verwys word, gepleeg het

- (1) Indien 'n *lid* vermoed dat 'n *kind*, wat 10 jaar of ouer is, 'n misdryf gepleeg het, moet die *lid* homself of haarself tevrede stel of die misdryf 'n misdryf is waarna in Bylae 1 van die Wet verwys word (hierby aangeheg as Bylae A).

- (2) Indien die betrokke misdryf 'n misdryf is waarna in Bylae 1 van *die Wet* verwys word, **MAG** die *lid* die *kind* **NIE** arresteer **NIE TENSY** daar **DWINGENDE REDES BESTAAN WAT DIE ARRESTASIE VAN DIE KIND REGVERDIG** soos wat in paragraaf (3) uiteengesit word.
- (3) Dwingende redes wat die *arrestasie* van 'n *kind* wat 10 jaar of ouer is, regverdig ten opsigte van 'n misdryf waarna in Bylae 1 verwys word, is:
- (a) Indien die *lid* rede het om te glo dat die *kind* —
- (i) nie 'n vaste woonadres het nie;
 - (ii) weggeloop het van pleegsorg, 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* of *tydelike veilige sorg*;
 - (iii) waarskynlik sal voortgaan om misdrywe te pleeg, tensy hy of sy gearresteer word;
 - (iv) 'n gevaar inhou vir enige persoon tensy hy of sy gearresteer word;
 - (v) bewysmateriaal in verband met die misdryf sal vernietig of daarmee sal peuter;
 - (vi) met die ondersoek rakende die misdryf sal inmeng tensy hy of sy gearresteer word; of
- (b) dat die misdryf 'n aanvang geneem het maar nog nie voltooi is nie.

9. Hantering van 'n kind wat 10 jaar of ouer is en wat na bewering 'n misdryf, waarna in Bylae 1 van die Wet verwys word, gepleeg het, indien daar geen dwingende rede bestaan om die kind te arresteer nie

- (1) Indien daar geen dwingende rede bestaan om die *kind* wat 10 jaar of ouer is en wat na bewering 'n misdryf, waarna in Bylae 1 van *die Wet* verwys word, te arresteer nie, mag die *lid* die *kind* nie arresteer nie.
- (2) Indien die ouer of voog van die *kind* teenwoordig is, moet die *lid* —
- (a) indien 'n SAPD 583(b) (Skriftelike Kennisgewing om by die Voorlopige Onderzoek te verskyn), op die toneel beskikbaar is, —
- (i) die Skriftelike Kennisgewing voltooi en die datum van die *voorlopige ondersoek* aanteken as die vyfde (5^{de}) *werksdag* na die datum van die uitreiking van die Skriftelike Kennisgewing;
 - (ii) aan die *kind* en die ouer of voog die inhoud van die Skriftelike Kennisgewing verduidelik;
 - (iii) die oorspronklike Skriftelike Kennisgewing aan die *kind* oorhandig en die *kind* en ouer of voog versoek om op die eerste duplikaat oorspronklike Skriftelike Kennisgewing te teken om ontvangs van die kennisgewing te erken;
 - (iv) die *kind* aan die ouer of voog oorhandig;
 - (v) die eerste duplikaat oorspronklike Skriftelike Kennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* verskaf binne 24 uur nadat die Skriftelike Kennisgewing aan die *kind* oorhandig is en bewys hou dat dit deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is; en

- (vi) 'n afskrif van die Skriftelike Kennisgewing maak en die afskrif liasseer onder "B" in die dossier wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* arresteer is;
- (b) indien 'n SAPD 583(b) (Skriftelike Kennisgewing om by die Voorlopige Onderzoek te verskyn) nie op die toneel beskikbaar is nie, maar die ouer of voog van die *kind* is bereid en in staat om die *kind* na die polisiestasie te neem, reël met die ouer of voog van die *kind* om die *kind* na die polisiestasie te neem en ooreenkomstig subparagraaf (a)(i)-(vi) optree;
- (c) indien 'n SAPD 583(b) (Skriftelike Kennisgewing om by die Voorlopige Onderzoek te verskyn) nie op die toneel beskikbaar is nie en die ouer of voog van die *kind* is nie bereid of in staat om die *kind* na die polisiestasie te neem nie, maar reëlings kan getref word vir 'n Skriftelike Kennisgewing om na die toneel gebring te word, reël vir die Skriftelike Kennisgewing om na die toneel gebring te word en die *kind* en die ouer of voog hou totdat die Skriftelike Kennisgewing op die toneel aankom en, by die aankoms daarvan, ooreenkomstig subparagraaf (a)(i)-(vi) optree;
- (d) indien 'n SAPD 583(b) (Skriftelike Kennisgewing om by die Voorlopige Onderzoek te verskyn) nie op die toneel beskikbaar is nie en —
- (aa) die ouer of voog van die *kind* is nie bereid of in staat om die *kind* na die polisiestasie te bring nie; en
- (bb) reëlings kan nie getref word dat 'n Skriftelike Kennisgewing binne 'n redelike tyd na die toneel gebring kan word nie, die *kind* en die ouer of voog na die polisiestasie neem en ooreenkomstig subparagraaf (a)(i)-(vi) optree.
- (3) Indien die ouer of voog van die *kind* nie teenwoordig is nie, moet die *lid* vasstel of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig is en, indien wel, die bepaling van paragraaf (2) nakom (vervang "ouer of voog" met "*geskikte volwassene*").
- (4) Indien die ouer of voog van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* nie teenwoordig is nie, moet die *lid* sodanige stappe doen as wat in die omstandighede redelik mag wees om die ouer of voog van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* te kontak en, —
- (a) indien suksesvol, die ouer of voog van die *kind* of die *geskikte volwassene* versoek om die *kind* by die polisiestasie af te haal. Wanneer die ouer of voog van die *kind* of die *geskikte volwassene* die *kind* afhaal, moet die *lid* ooreenkomstig subparagraaf (2)(a)(i)-(vi) optree; of
- (b) indien onsuksesvol, die *kind* beskou as 'n *kind* wat sorg en beskerming en onmiddellike dringende beskerming nodig het en, ooreenkomstig paragrawe 10 en 11 van die Nasionale Instruksie oor die Sorg en Beskerming van Kinders ingevolge die Kinderwet, optree. In so 'n geval, is die persoon in wie se sorg die *kind* in *tydelike veilige sorg* geplaas word (soos die persoon in beheer van 'n *kinder- en jeugsorgsentrum*, indien die *kind* in 'n *kinder- en*

jeugsorgsentrum geplaas word), 'n *geskikte volwassene* in wie se teenwoordigheid die Skriftelike Kennisgewing aan die *kind* ooreenkomstig subparagraaf (3) (saamgelees met subparagraaf (2)) oorhandig moet word. 'n Afskrif van die Skriftelike Kennisgewing moet aan die persoon in wie se *tydelike veilige sorg* die *kind* geplaas word, oorhandig moet word.

10. Hantering van 'n kind wat 10 jaar of ouer is en wat na bewering 'n misdryf gepleeg het waarna in Bylae 1 van die Wet verwys word indien daar dwingende redes bestaan om die kind te arresteer

- (1) Indien daar dwingende redes bestaan om 'n *kind* te arresteer wat 10 jaar of ouer is en wat na bewering 'n misdryf gepleeg het waarna in Bylae 1 van die *Wet* verwys word, mag die *lid* die *kind* arresteer.
- (2) Na die *arrestasie* van sodanige *kind*, moet die *lid* die *kind* inlig —
 - (a) van sy of haar grondwetlike regte waarna verwys word in paragraaf 7(4) van Staande Order (Algemeen) 341 (Arrestasie en die behandeling van 'n gearreesteerde persoon tot sodanige persoon aan die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder oorhandig word); en
 - (b) dat hy of sy deur 'n *proefbeampte* geassesseer sal word wat aan hom of haar sal verduidelik wat die prosedure is wat daarna gevolg sal word.
- (3) Indien 'n *kind* van 10 jaar of ouer gearreesteer is, moet die *kind* na 'n polisiestasie geneem word. Die *lid* wat die *arrestasie* uitgevoer het, moet die dwingende rede (waarna in paragraaf 8(3) verwys word) wat hom of haar oortuig het om die *arrestasie* uit te voer, in die Arrestasieverklaring uiteensit. Die *lid* moet ook vermeld of daar enige rede bestaan (met vermelding van die rede) om te vermoed dat die *kind* 'n gevaar sal inhou vir enige persoon (insluitende homself of haarself) indien hy of sy vrygelaat sou word.
- (4) Die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder moet die arrestasieverklaring en enige ander inligting, wat tot sy of haar beskikking is, oorweeg om homself of haarself tevrede te stel of die *kind* 'n gevaar sal inhou vir enige persoon (insluitende homself of haarself) indien hy of sy vrygelaat sou word.
- (5) Indien die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder tevrede is dat die *kind* 'n gevaar sal inhou vir enige persoon (insluitende homself of haarself) indien hy of sy vrygelaat sou word en dat die *kind* derhalwe nie vrygelaat kan word nie, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder verseker dat die *kind* in *aanhouding* bly en —
 - (a) die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* inlig;

- (b) 'n SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n kind) voltooi en die inhoud van die Inligtingskennisgewing aan die ouer of voog verduidelik en die datum van die *voorlopige ondersoek* aandui as 'n datum wat sal verseker dat die *kind* by die *voorlopige ondersoek* verskyn binne 48 uur (soos verleng deur die Strafproseswet) vanaf die tyd waarop die *kind* gearresteer is;
 - (c) die Inligtingskennisgewing aan die ouer, voog of *geskikte persoon* oorhandig en bewys hou dat die ouer, voog of *geskikte volwassene* die Inligtingskennisgewing ontvang het (indien dit moontlik is om die Inligtingskennisgewing aan die ouer, voog of *geskikte volwassene* te oorhandig, moet die ouer, voog of *geskikte volwassene* versoek word om op die eerste duplikaat oorspronklike van die Inligtingskennisgewing te teken om ontvangs van die Inligtingskennisgewing te erken);
 - (d) die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* voorsien en bewys hou dat dit deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is; en
 - (e) twee afskrifte van die Inligtingskennisgewing maak indien die *kind* by 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* aangehou sal word (of een afskrif indien die *kind* in 'n *polisiesel* aangehou sal word (in welke geval die afskrif onder "B" liasseer moet word in die dossier wat geopen is in verband met die saak waarvoor die *kind* gearresteer is)).
- (6) Die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder moet —
- (a) indien 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* binne 'n redelike afstand vanaf die polisiestasie beskikbaar is en daar 'n oop plek in die sentrum is, —
 - (i) verseker dat die *kind* na die *kinder- en jeugsorgsentrum* vervoer word en oorhandig word aan die persoon in beheer van die sentrum;
 - (ii) die *lid*, wat die *kind* na die *kinder- en jeugsorgsentrum* sal vervoer, opdrag gee om die twee afskrifte van die SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n kind) (waarna hierbo in subparagraaf (5)(e) verwys word) aan die persoon by die *kinder- en jeugsorgsentrum* wat die *kind* ontvang, te oorhandig en die persoon te versoek om een afskrif te teken as bewys dat hy of sy die *kind* ontvang het;
 - (iii) die afskrif van die Inligtingskennisgewing (waarna in subparagraaf (ii) verwys word) wat geteken is deur die persoon wat die *kind* by die *kinder- en jeugsorgsentrum* ontvang het, liasseer onder "B" in die dossier wat geopen is in verband met die saak waarvoor die *kind* gearresteer is;
 - (iv) 'n SAPD 583(c) (Skriftelike Verslag oor die aanhouding van 'n kind wat vir 'n Bylae 1 misdryf gearresteer is voor verskyning by die Voorlopige Onderzoek vorm) voltooi en die verslag onder "B" in die dossier liasseer wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is; en

- (v) die eerste duplikaat oorspronklike SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n kind) aan die *aangewese proefbeampte* verskaf en bewys hou dat dit deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is;
- (b) indien 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* nie binne 'n redelike afstand vanaf die polisiestasie beskikbaar is nie of daar geen oop plek in die sentrum is nie, moet die *kind* in polisieaanhouding aangehou word en —
- (i) indien die polisiestasie waar die *kind* aangehou word, oor die nodige fasiliteite beskik, moet die *kind* apart van volwassenes en apart van *kinders* van die teenoorgestelde geslag aangehou word;
- (ii) indien die polisiestasie waar die *kind* aangehou word, nie oor die nodige fasiliteite beskik om die *kind* apart van volwassenes en apart van *kinders* van die teenoorgestelde geslag aan te hou nie, moet die *kind* vervoer word om by 'n ander polisiestasie aangehou te word waar sodanige fasiliteite beskikbaar is;
- (iii) die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder van die polisiestasie waar die *kind* oorspronklik aangehou is, die SAPD 583(c) (Skriftelike Verslag oor die aanhouding van 'n kind wat vir 'n Bylae 1 misdryf gearresteer is voor verskyning by die Voorlopige Onderzoek vorm) voltooi en die verslag onder "B" in die dossier liasseer wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is;
- (iv) die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder moet, indien hy of sy nie in staat was om 'n SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n kind), aan die ouer, *voog* of *geskikte volwassene* te oorhandig nie, —
- (aa) die Inligtingskennisgewing voltooi;
- (bb) die Inligtingskennisgewing binne 24 uur na die *arrestasie* aan die *aangewese proefbeampte* verskaf;
- (cc) bewys dat die Inligtingskennisgewing deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is, onder "B" liasseer in die dossier wat geopen is in verband met die saak waarvoor die *kind* gearresteer is; en
- (dd) die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing onder "B" liasseer in die dossier wat geopen is in verband met die saak waarvoor die *kind* gearresteer is.
- (7) Indien die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder van die polisiestasie, waar die *kind* oorspronklik aangehou is, nie in staat is om —
- (a) die ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in te lig nie, moet hy of sy 'n SAPD 583(d) (Skriftelike Verslag oor versuim om die ouer, *voog* of *geskikte volwassene* in te lig van die *arrestasie* van 'n kind), voltooi, waarin die stappe

uiteengesit word wat gedoen is om die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel en die rede waarom hy of sy nie in staat was om die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie; of

- (b) die *aangewese proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie, moet hy of sy 'n SAPD 583(e) (Skriftelike Verslag oor versuim om die Proefbeampte in te lig van die arrestasie van 'n kind), voltooi, waarin die stappe uiteengesit word wat gedoen is om die *proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel en die rede waarom hy of sy nie in staat was om die *proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie;

en dit liasseer onder "B" in die dossier, wat aan die aanklaer, wat by die *voorlopige ondersoek* teenwoordig sal wees, verskaf moet word met die versoek om dit by die *voorlopige ondersoek* aan die voorsittende beampte te oorhandig.

11. Vrylating van 'n kind wat 10 jaar of ouer is en wat gearrester is vir 'n misdryf waarna in Bylae 1 van die Wet verwys word

- (1) Indien die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder tevrede is dat die *kind* nie 'n gevaar inhou vir enige persoon (insluitende homself of haarself) indien hy of sy vrygelaat word nie, kan die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder 'n *lid* opdrag gee om die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te nader om vas te stel om 'n vorige strafsak, waarin die *kind* 'n beskuldigde was, afgewentel is (soos aangeteken in die Afwentelingsregister). Indien die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling genader, en die inligting bekom is, moet hierdie feit in die ondersoekdagboek (SAPD 5) van die dossier aangeteken word. Hierdie inligting moet inaggeneem word om te besluit of, inaggenome die inligting wat verkry is van die Afwentelingsregister, dit in die omstandighede geskik sal wees om die *kind* op 'n SAPD 583(b) (Skriftelike Kennisgewing om by die Voorlopige Onderzoek te verskyn) vry te laat.
- (2) Indien die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder tevrede is dat die *kind* vrygelaat mag word, moet hy of sy —
- (a) indien die ouer of voog van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig is, —
- (i) die SAPD 583(b) (Skriftelike Kennisgewing om by die Voorlopige Onderzoek te verskyn), voltooi en die datum van die *voorlopige ondersoek* aandui as die vyfde (5de) *werksdag* na die datum van die uitreiking van die Skriftelike Kennisgewing;
- (ii) aan die *kind* en die ouer, voog of *geskikte volwassene* die inhoud van die Skriftelike Kennisgewing verduidelik;
- (iii) die oorspronklike kennisgewing aan die *kind* oorhandig en die *kind* en ouer, voog of *geskikte volwassene* versoek om

- op die eerste duplikaat oorspronklike Skriftelike Kennisgewing te teken om ontvangs van die kennisgewing te erken;
- (iv) die *kind* aan die ouer, voog of *geskikte volwassene* oorhandig; en
- (v) die eerste duplikaat oorspronklike Skriftelike Kennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* oorhandig en bewys hou dat dit deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is.
- (b) indien die ouer of voog van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* nie teenwoordig is nie, sodanige stappe doen as wat in die omstandighede redelik mag wees om die ouer of voog van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* te kontak en, —
- (i) indien suksesvol, die ouer of voog van die *kind* of die *geskikte volwassene* versoek om die *kind* by die polisiestase af te haal. Wanneer die ouer of voog van die *kind* of die *geskikte volwassene* die *kind* afhaal, moet die *lid* ooreenkomstig subparagraaf (1)(a)-(e) optree; of
- (ii) indien onsuksesvol, —
- (aa) moet die *kind* beskou word as 'n *kind* wat sorg en beskerming, en onmiddellike dringende beskerming nodig het en die *kind* ooreenkomstig paragrawe 10 en 11 van die Nasionale Instruksie oor die Sorg en Beskerming van Kinders ingevolge die Kinderwet hanteer. In so 'n geval, word die persoon in wie se sorg die *kind* in *tydelike veilige sorg* geplaas word, 'n *geskikte volwassene* in wie se teenwoordigheid die Skriftelike Kennisgewing aan die *kind* oorhandig moet word ooreenkomstig subparagraaf (3) (saamgelees met subparagraaf (2)); en
- (bb) moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder van die polisiestase waar die *kind* oorspronklik aangehou is, die SAPD 583(d) (Skriftelike Verslag oor versuim om die ouer, voog of *geskikte volwassene* in te lig van die arrestasie van 'n *kind*) voltooi en die verslag onder "B" liasseer in die dossier wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is en wat aan die aanklaer, wat by die *voorlopige ondersoek* teenwoordig sal wees, voorsien moet word en wat versoek moet word om die verslag aan die voorsittende beampte by die *voorlopige ondersoek* te oorhandig.
- (3) Die *lid* wat as die ondersoekbeampte van die saak aangewys is, moet verseker dat die dossier wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is, dit ten minste een (1) dag voor die *voorlopige ondersoek* aan die aanklaer wat teenwoordig sal wees tydens die *voorlopige ondersoek*, oorhandig.

12. Hantering van 'n kind wat 10 jaar of ouer is en wat na bewering 'n misdryf gepleeg het waarna in Bylae 2 van die Wet verwys word

- (1) 'n *Lid* mag 'n *kind* arresteer wat 10 jaar of ouer is, en wat hy of sy op redelike gronde glo 'n misdryf gepleeg het waarna in Bylae 2 van die *Wet* (hierby aangeheg as Bylae B) verwys word.
- (2) By oorweging of die *kind* gearresteer moet word of nie, moet die *lid* in ag neem of die *kind* —
 - (a) 'n vaste woonadres het;
 - (b) van pleegsorg, 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* of *tydelike veilige sorg* weggeloop het;
 - (c) waarskynlik sal voortgaan om misdrywe te pleeg, tensy hy of sy gearresteer word;
 - (d) 'n gevaar inhou vir enige persoon (insluitende homself of haarself);
 - (e) waarskynlik bewysmateriaal in verband met die misdryf sal vernietig of daarmee sal peuter;
 - (f) waarskynlik met die ondersoek rakende die misdryf sal inmeng tensy hy of sy gearresteer word; of
 - (g) nog besig is om die misdryf te pleeg en of die misdryf reeds voltooi is.
- (3) Indien die *lid* besluit om nie die *kind* te arresteer nie, moet die *lid* —
 - (a) die volledige besonderhede van die *kind* (insluitende sy of haar naam, beroep (indien enige), werksadres (indien hy of sy 'n skolier is, die naam en adres van die skool wat hy of sy bywoon) en sy of haar vaste woonadres, kontakbesonderhede, ens) in sy of haar sakboek aanteken; en
 - (b) by aankoms by die polisiestase en nadat die dossier, ten opsigte van die misdryf wat na bewering deur die *kind* gepleeg is, geopen is, 'n beëdigde verklaring maak wat die besonderhede vermeld, waarna in subparagraaf (a) verwys word en die beëdigde verklaring onder "A" in die vermelde dossier liasseer.
- (4) Indien die *lid* besluit om die *kind* te arresteer, moet die *lid*, by die arrestasie van die *kind*, die *kind* inlig —
 - (a) van sy of haar grondwetlike regte soos vervat in paragraaf 7(4) van Staande Order (Algemeen) 341 (Arrestasie en die behandeling van 'n gearresteerde persoon tot sodanige persoon aan die Gemeenskapsdienssentrumbevelvoerder oorhandig word); en
 - (b) dat hy of sy deur 'n *proefbeampte* geassesseer sal word wat aan hom of haar die prosedure, wat daarna gevolg sal word, sal verduidelik.
- (5) Indien die *kind* of 'n ouer of voog van die *kind* of 'n regsverteenwoordiger namens die *kind* versoek dat die *kind* op borg vrygelaat word, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder die aanklaer op bystand, wat

gemagtig is om 'n borgaansoek te oorweeg, kontak en hom of haar versoek om na die polisiestatie te kom ten einde die borgaansoek ingevolge artikel 21(2)(b) van *die Wet* te oorweeg.

- (6) Indien die aanklaer die vrylating van die *kind* op borg magtig, moet die normale prosesse wat van toepassing is op die vrylating van 'n verdagte op borg deur 'n gemagtigde aanklaer, gevolg word: Met dien verstande dat die *kind* slegs vrygelaat mag word in die sorg van 'n ouer, voog of 'n *geskikte volwassene*.
- (7) Indien die *kind* in *aanhouding* bly en die ouer of voog van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* is teenwoordig, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder —
- (a) die SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n kind) voltooi en die inhoud van die kennisgewing aan die ouer, voog of die *geskikte volwassene* verduidelik;
 - (b) die oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die ouer, voog of die *geskikte volwassene* oorhandig en die ouer, voog of die *geskikte volwassene* versoek om op die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing te teken om ontvangs van die Inligtingskennisgewing te erken; en
 - (c) die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* verskaf en bewys hou dat die Inligtingskennisgewing deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is.
- (8) Indien die *kind* in *aanhouding* bly en nóg die ouer, nóg voog van die *kind* is teenwoordig, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder sodanige stappe doen as wat in die omstandighede redelik mag wees om die ouer of voog van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* te kontak en, indien suksesvol, die ouer of voog van die *kind* of die *geskikte volwassene* versoek om na die polisiestatie te kom. Wanneer die ouer of voog van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* by die polisiestatie aankom, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder ooreenkomstig subparagraaf (7)(a)-(c) optree.
- (9) Indien die *kind* in *aanhouding* bly en —
- die ouer of voog van die *kind* is nie teenwoordig nie en kan nie gekontak word nie;
 - die *kind* of 'n ouer of voog van die *kind* of 'n regsverteenvoerder namens die *kind* versoek nie dat die *kind* op borg vrygelaat word nie; of
 - die aanklaer weier om borg aan die *kind* toe te staan,
- moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder —
- (a) indien 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* binne 'n redelike afstand vanaf die polisiestatie beskikbaar is en daar oop plek in die sentrum is, —

- (i) 'n SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n kind) voltooi en aan die persoon wat die *kind* ontvang, die inhoud van die kennisgewing verduidelik;
 - (ii) die oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die persoon wat die *kind* ontvang, oorhandig en daardie persoon versoek om op die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing te teken om ontvangs van die Inligtingskennisgewing te erken;
 - (iii) die *kind* aan daardie persoon oorhandig;
 - (iv) die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* verskaf en bewys hou dat die Inligtingskennisgewing deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is; en
 - (v) 'n afskrif van die Inligtingskennisgewing maak en dit onder "B" in die dossier liasseer wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is;
- (b) indien 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* nie binne 'n redelike afstand vanaf die polisiestasie beskikbaar is nie of daar geen oop plek in die sentrum is nie, moet die *kind* in polisieaanhouding aangehou word en —
- (i) indien die polisiestasie waar die *kind* aangehou word, oor die nodige fasiliteite beskik, moet die *kind* apart van volwassenes en apart van *kinders* van die teenoorgestelde geslag aangehou word;
 - (ii) indien die polisiestasie waar die *kind* aangehou word, nie oor die nodige fasiliteite beskik om die *kind* apart van volwassenes en apart van *kinders* van die teenoorgestelde geslag aan te hou nie, moet die *kind* vervoer word en by 'n ander polisiestasie aangehou word waar sodanige fasiliteite beskikbaar is;
 - (iii) 'n SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n kind) voltooi, die kennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* verskaf en onder "B" in die dossier, wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is, bewys liasseer dat dit deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is; en
 - (iv) die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing onder "B" in die dossier liasseer wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is.
- (10) Indien die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder van die polisiestasie, waar die *kind* oorspronklik aangehou is, nie in staat is om —
- (a) die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in te lig nie, moet hy of sy 'n SAPD 583(d) (Skriftelike Verslag oor versuim om die ouer, voog of geskikte volwassene in te lig van die arrestasie van 'n kind) voltooi, waarin die stappe uiteengesit word wat gedoen is om die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel en die

rede waarom hy of sy nie in staat was om die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie; of

- (b) die *aangewese proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie, moet hy of sy 'n SAPD 583(e) (Skriftelike Verslag oor versuim om die Proefbeampte in te lig van die arrestasie van 'n kind), voltooi, waarin die stappe uiteengesit word wat gedoen is om die *proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel en die rede waarom hy of sy nie in staat was om die *proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie,

en dit liasseer onder "B" in die dossier, wat aan die aanklaer verskaf moet word wat by die *voorlopige ondersoek* teenwoordig sal wees en wat versoek moet word om die verslag by die *voorlopige ondersoek* aan die voorsittende beampte te oorhandig.

13. Hantering van 'n kind wat 10 jaar of ouer maar jonger as 14 jaar is en wat na bewering 'n misdryf gepleeg het waarna in Bylae 3 van die Wet verwys word

- (1) 'n *Lid* mag 'n *kind* arresteer wat 10 jaar of ouer, maar jonger is as 14 jaar, en wat hy of sy op redelike gronde glo 'n misdryf gepleeg het waarna in Bylae 3 van die *Wet* (hierby aangeheg as Bylae C) verwys word.
- (2) By oorweging of die *kind* gearresteer moet word of nie, moet die *lid* in ag neem of die *kind* —
- (a) 'n vaste woonadres het;
 - (b) van pleegsorg, 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* of *tydelike veilige sorg* weggeloop het;
 - (c) waarskynlik sal voortgaan om misdrywe te pleeg, tensy hy of sy gearresteer word;
 - (d) 'n gevaar inhou vir enige persoon (insluitende homself of haarself);
 - (e) waarskynlik bewysmateriaal in verband met die misdryf sal vernietig of daarmee sal peuter;
 - (f) waarskynlik met die ondersoek rakende die misdryf sal inmeng tensy hy of sy gearresteer word; of
 - (g) nog besig is om die misdryf te pleeg en of die misdryf reeds voltooi is.
- (3) Indien die *lid* besluit om die *kind* nie te arresteer nie, moet die *lid* —
- (a) die volledige besonderhede van die *kind* (insluitende sy of haar naam, beroep (indien enige), werksadres (indien hy of sy 'n skolier is, die naam en adres van die skool wat hy of sy bywoon) en sy of haar vaste woonadres, kontakbesonderhede, ens) in sy of haar sakboek aanteken; en
 - (b) by aankoms by die polisiestasie en nadat die dossier, ten opsigte van die misdryf wat na bewering deur die *kind* gepleeg is, geopen is, 'n beëdigde verklaring maak wat die besonderhede vervat

waarna in subparagraaf (a) verwys word en die beëdigde verklaring onder "A" in die vermelde dossier liasseer.

- (4) Indien die *lid* besluit om die *kind* te *arresteer*, moet die *lid*, by die *arrestasie* van die *kind*, die *kind* inlig —
- (a) van sy of haar grondwetlike regte soos uiteengesit in paragraaf 7(4) van Staande Order (Algemeen) 341 (Arrestasie en die behandeling van 'n gearresteerde persoon tot sodanige persoon aan die Gemeenskapsdienssentrumbevelvoerder oorhandig word); en
 - (b) dat hy of sy deur 'n *proefbeampte* geassesseer sal word wat aan hom of haar die prosedure, wat daarna gevolg sal word, sal verduidelik.
- (5) Indien die ouer of *voog* van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig is, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder —
- (a) die SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n kind) voltooi en die inhoud van die kennisgewing aan die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* verduidelik;
 - (b) die oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* oorhandig en die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* versoek om op die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing te teken om ontvangs van die Inligtingskennisgewing te erken; en
 - (c) die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* verskaf en bewys hou dat die Inligtingskennisgewing deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is.
- (6) Indien nóg die ouer, nóg *voog* van die *kind* teenwoordig is, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder sodanige stappe doen as wat in die omstandighede redelik mag wees om die ouer of *voog* van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* te kontak en, indien suksesvol, die ouer of *voog* van die *kind* of die *geskikte volwassene* versoek om na die polisiestasie te kom. Wanneer die ouer of *voog* van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* by die polisiestasie aankom, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder ooreenkomstig subparagraaf (5)(a)-(c) optree.
- (7) Die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder moet —
- (a) indien 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* binne 'n redelike afstand vanaf die polisiestasie beskikbaar is en daar 'n oop plek in die sentrum is, —
 - (i) 'n SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n kind) voltooi en aan die persoon wat die *kind* ontvang, die inhoud van die kennisgewing verduidelik;
 - (ii) die oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die persoon wat die *kind* ontvang, oorhandig en daardie persoon versoek om op die eerste duplikaat oorspronklike

- Inligtingskennisgewing te teken om ontvangs van die Inligtingskennisgewing te erken;
- (iii) die *kind* aan daardie persoon oorhandig;
 - (iv) die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* verskaf en bewys hou dat die Inligtingskennisgewing deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is; en
 - (v) 'n afskrif van die Inligtingskennisgewing maak en dit onder "B" in die dossier, wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is, liasseer;
- (b) indien 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* nie binne 'n redelike afstand vanaf die polisiestasie beskikbaar is nie of daar geen oop plek in die sentrum is nie, die *kind* in polisieaanhouding aanhou en —
- (i) indien die polisiestasie waar die *kind* aangehou word, oor die nodige fasiliteite beskik, die *kind* apart van volwassenes en apart van *kinders* van die teenoorgestelde geslag aanhou;
 - (ii) indien die polisiestasie waar die *kind* aangehou word, nie oor die nodige fasiliteite beskik om die *kind* apart van volwassenes en apart van *kinders* van die teenoorgestelde geslag aan te hou nie, die *kind* laat vervoer om by 'n ander polisiestasie, waar sodanige fasiliteite beskikbaar is, aangehou te word;
 - (iii) 'n SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n *kind*) voltooi, die kennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* verskaf en onder "B" in die dossier, wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is, bewys liasseer dat dit deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is; en
 - (iv) die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing onder "B" in die dossier liasseer wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is.
- (8) Indien die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder van die polisiestasie, waar die *kind* oorspronklik aangehou is, nie in staat is om —
- (a) die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in te lig nie, moet hy of sy 'n SAPD 583(d) (Skriftelike Verslag oor versuim om die ouer, voog of *geskikte volwassene* in te lig van die *arrestasie* van 'n *kind*) voltooi, waarin die stappe uiteengesit word wat gedoen is om die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel en die rede waarom hy of sy nie in staat was om die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie; of
 - (b) die *aangewese proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie, moet hy of sy 'n SAPD 583(e) (Skriftelike Verslag oor versuim om die Proefbeampte in te lig van die *arrestasie* van 'n *kind*), voltooi, waarin die stappe uiteengesit word

wat gedoen is om die *proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel en die rede waarom hy of sy nie in staat was om die *proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie,

en dit liasseer onder "B" in die dossier, wat aan die aanklaer verskaf moet word wat by die *voorlopige ondersoek* teenwoordig sal wees en wat versoek moet word om die verslag by die *voorlopige ondersoek* aan die voorsittende beampte te oorhandig.

14. Hantering van 'n kind wat 14 jaar of ouer is en wat na bewering 'n misdryf gepleeg het waarna in Bylae 3 van die Wet verwys word

- (1) 'n *Lid* mag 'n *kind* arresteer wat 14 jaar of ouer is, en wat hy of sy op redelike gronde glo 'n misdryf gepleeg het waarna in Bylae 3 van die *Wet* (hierby aangeheg as Bylae C) verwys word.
- (2) By oorweging of die *kind* gearresteer moet word of nie, moet die *lid* in ag neem of die *kind* —
 - (a) 'n vaste woonadres het;
 - (b) van pleegsorg, 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* of *tydelike veilige sorg* weggeloop het;
 - (c) waarskynlik sal voortgaan om misdrywe te pleeg, tensy hy of sy gearresteer word;
 - (d) 'n gevaar inhou vir enige persoon (insluitende homself of haarself);
 - (e) waarskynlik bewysmateriaal in verband met die misdryf sal vernietig of daarmee sal peuter;
 - (f) waarskynlik met die ondersoek rakende die misdryf sal inmeng tensy hy of sy gearresteer word; of
 - (g) nog besig is om die misdryf te pleeg en of die misdryf reeds voltooi is.
- (3) Indien die *lid* besluit om die *kind* nie te *arresteer* nie, moet die *lid* —
 - (a) die volledige besonderhede van die *kind* (insluitende sy of haar naam, beroep (indien enige), werksadres (indien hy of sy 'n skolier is, die naam en adres van die skool wat hy of sy bywoon) en sy of haar vaste woonadres, kontakbesonderhede, ens) in sy of haar sakboek aanteken; en
 - (b) by aankoms by die polisiestasie en nadat die dossier, ten opsigte van die misdryf wat na bewering deur die *kind* gepleeg is, geopen is, 'n beëdigde verklaring maak wat die besonderhede vervat waarna in subparagraaf (a) verwys word en die beëdigde verklaring onder "A" in die vermelde dossier liasseer.
- (4) Indien die *lid* besluit om die *kind* te *arresteer*, moet die *lid*, by die *arrestasie* van die *kind*, die *kind* inlig —
 - (a) van sy of haar grondwetlike regte soos uiteengesit in paragraaf 7(4) van Staande Order (Algemeen) 341 (Arrestasie en die behandeling van 'n gearresteerde persoon tot sodanige persoon

- aan die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder oorhandig word);
en
- (b) dat hy of sy deur 'n *proefbeampte* geassesseer sal word wat aan hom of haar die prosedure, wat daarna gevolg sal word, sal verduidelik.
- (5) Indien die ouer of *voog* van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig is, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder —
- (a) die SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n kind) voltooi en die inhoud van die kennisgewing aan die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* verduidelik;
- (b) die oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* oorhandig en die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* versoek om op die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing te teken om ontvangs van die Inligtingskennisgewing te erken; en
- (c) die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* verskaf en bewys hou dat die Inligtingskennisgewing deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is.
- (6) Indien nóg die ouer, nóg *voog* van die *kind* teenwoordig is, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder sodanige stappe doen as wat in die omstandighede redelik mag wees om die ouer of *voog* van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* te kontak en, indien suksesvol, die ouer of *voog* van die *kind* of die *geskikte volwassene* versoek om na die polisiestase te kom. Wanneer die ouer of *voog* van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* by die polisiestase aankom, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder ooreenkomstig subparagraaf (5)(a)-(c) optree.
- (7) Indien die ouer of *voog* van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* nie teenwoordig is nie of nie gekontak kan word nie, moet die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder —
- (a) indien die polisiestase waar die *kind* aangehou word, oor die nodige fasiliteite beskik, die *kind* apart van volwassenes en apart van *kinders* van die teenoorgestelde geslag aanhou;
- (b) indien die polisiestase waar die *kind* aangehou word, nie oor die nodige fasiliteite beskik om die *kind* apart van volwassenes en apart van *kinders* van die teenoorgestelde geslag aan te hou nie, die *kind* laat vervoer om by 'n ander polisiestase, waar sodanige fasiliteite beskikbaar is, aangehou te word;
- (c) 'n SAPD 583(j) (Inligtingskennisgewing by die arrestasie van 'n kind) voltooi, die Inligtingskennisgewing aan die *aangewese proefbeampte* verskaf en bewys, dat dit deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is, liasseer onder "B" in die dossier, wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is; en

- (d) die eerste duplikaat oorspronklike Inligtingskennisgewing onder "B" in die dossier liasseer wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gearresteer is.
- (8) Indien die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder van die polisiestasie, waar die *kind* oorspronklik aangehou is, nie in staat is om —
- (a) die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in te lig nie, moet hy of sy 'n SAPD 583(d) (Skriftelike Verslag oor versuim om die ouer, voog of geskikte volwassene in te lig van die *arrestasie* van 'n *kind*) voltooi, waarin die stappe uiteengesit word wat gedoen is om die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel en die rede waarom hy of sy nie in staat was om die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie; of
- (b) die *aangewese proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie, moet hy of sy 'n SAPD 583(e) (Skriftelike Verslag oor versuim om die Proefbeampte in te lig van die *arrestasie* van 'n *kind*), voltooi, waarin die stappe uiteengesit word wat gedoen is om die *proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel en die rede waarom hy of sy nie in staat was om die *proefbeampte* van die *arrestasie* van die *kind* in kennis te stel nie,

en dit liasseer onder "B" in die dossier, wat aan die aanklaer verskaf moet word wat by die *voorlopige ondersoek* teenwoordig sal wees en wat versoek moet word om die verslag by die *voorlopige ondersoek* aan die voorsittende beampte te oorhandig.

15. Vervoer van 'n kind

- (1) Indien dit nodig is om 'n *kind*, wat na bewering 'n misdryf gepleeg het, in 'n polisievoertuig te vervoer, moet die *kind*, sover as wat redelikerwys moontlik is, vervoer word —
- (a) in 'n ongemerkte polisievoertuig. Indien dit nie moontlik is nie en die *kind* moet in 'n gemerkte polisievoertuig vervoer word, moet die *kind* —
- (i) verkieslik in 'n sedan polisievoertuig vervoer word; en
- (ii) indien die *kind* in 'n gemerkte polisie vangwa vervoer word, moet die *kind* in die kajuit van die vangwa vervoer word en nie in die agterkant van die vangwa nie; en
- (b) apart van volwassenes.
- (2) Die dwangmiddels, waarvoor in Staande Order (Algemeen) 350 voorsiening gemaak word, kan waar dit nodig en gepas is, tydens die vervoer van die *kind* gebruik word, om die veiligheid van die *kind*, ander *kinders* en *lede*, wat hom of haar vervoer, te verseker, asook om die ontsnapping van die *kind* te voorkom.
- (3) Indien dit nie moontlik is om 'n *kind* apart van volwassenes na en van 'n *voorlopige ondersoek* of ander verhoor voor 'n *hof vir*

kinderstrafregpleging te vervoer nie, moet die *lid* wat die polisievoertuig bestuur, of ander *lid* wat die vervoer van die *kind* saam met die volwassene gemagtig het, —

- (a) 'n SAPD 583(g) (Skriftelike Verslag in verband met die vervoer van 'n kind saam met volwassenes) voltooi;
 - (b) binne 48 uur nadat die vervoer onderneem is, die oorspronklike Skriftelike Verslag aan die klerk van die hof oorhandig waar die *voorlopige ondersoek* of ander verhoor voor 'n *hof vir kinderstrafregpleging* sal plaasvind of plaasgevind het en versoek dat die Skriftelike Verslag aan die regterlike beamppte wat voorgesit het of voor sal sit by die *voorlopige ondersoek* of ander verhoor oorhandig word;
 - (c) die klerk van die hof versoek om op die eerste duplikaat oorspronklike afskrif van die Skriftelike Verslag te teken om ontvangs te erken; en
 - (d) die eerste duplikaat oorspronklike afskrif van die Skriftelike Verslag liasseer onder "B" in die dossier wat geopen is ten opsigte van die misdryf wat na bewering deur die *kind* gepleeg is.
- (4) Indien dit, vir watter rede ookal, nie moontlik is om die SAPD 583(g) (Skriftelike Verslag in verband met die vervoer van 'n kind saam met volwassenes) binne 48 uur na die vervoer onderneem is, aan die klerk van die hof te oorhandig nie, moet die verantwoordelike *lid* —
- (a) 'n beëdigde verklaring aflê waarin die redes uiteengesit word waarom dit nie moontlik was nie;
 - (b) 'n afskrif van die beëdigde verklaring maak;
 - (c) die oorspronklike beëdigde verklaring aan die oorspronklike Skriftelike Verslag, wat aan die klerk van die hof oorhandig word, heg;
 - (d) die klerk van die hof versoek om op die afskrif van die beëdigde verklaring te teken om ontvangs te erken; en
 - (e) die afskrif van die beëdigde verklaring, geteken deur die klerk van die hof, tesame met die eerste duplikaat oorspronklike afskrif van die Skriftelike Verslag liasseer onder "B" in die dossier, wat geopen is ten opsigte van die misdryf wat na bewering deur die *kind* gepleeg is.

16. Toegang tot die Aanhoudingsregister

- (1) 'n Inskrywing in die Aanhoudingsregister in verband met 'n *kind* in polisieaanhouding, moet in rooi ink gemaak word en enige skuilname van die *kind* moet in die opmerkingskolom van die inskrywing in die register aangeteken word.
- (2) Die register kan nagegaan word deur —
 - (a) 'n *lid* in die uitvoering van sy of haar funksies;
 - (b) 'n maatskaplike werker, gesondheidsorgpraktisyn of *proefbeampte* in die uitvoering van sy of haar funksies;
 - (c) die aanklaer in die uitvoering van sy of haar funksies;

- (d) 'n *lid* van die Inter-sektorale Komitee vir Strafrepleging ten opsigte van Kinders wat ingevolge *die Wet* gevestig is;
 - (e) 'n onafhanklike waarnemer wat ingevolge *die Wet* aangestel is;
 - (f) 'n persoon wat regtens gemagtig is om na die belange van 'n *kind* om te sien;
 - (g) 'n ouer van die *kind* of die *geskikte volwassene* of *voog*;
 - (h) 'n personeellid van die *kinder- en jeugsorgsentrum* waar die *kind* geplaas is;
 - (i) die voorsittende beampte betrokke in die saak; en
 - (j) die regsverteenvoerder van die *kind*.
- (3) 'n Persoon, anders as 'n persoon waarna in subparagraaf (2) verwys word, wat die register wil nagaan, moet —
- (a) 'n SAPD 583(h) (Aansoek om toegang tot die Aanhoudingsregister) aan die stasiebevelvoerder, of die persoon wat skriftelik deur die stasiebevelvoerder aangewys is, rig; en
 - (b) homself of haarself identifiseer en dokumentêre bewys verskaf van sy of haar hoedanigheid, indien hy of sy deur die stasiebevelvoerder of aangewese persoon daartoe versoek word.
- (4) Die stasiebevelvoerder of aangewese persoon moet die aansoek oorweeg en, indien hy of sy —
- (a) tevrede is dat die aansoeker 'n *bona fide* rede het om die register na te gaan en geen rede het om te glo dat, deur hom of haar toe te laat om die register na te gaan, enige *kind* of ander aangehoudene wie se naam en besonderhede in die register verskyn, nadelig geraak sal word nie, kan hy of sy die aansoeker magtig om die register na te gaan; of
 - (b) nie so tevrede is nie, moet hy of sy die aansoek weier, sy of haar redes vir die weiering van die aansoek op die SAPD 583(h) (Aansoek om toegang tot die Aanhoudingsregister) aanteken en die aansoeker voorsien van 'n afskrif van die geweierde aansoek.
- (5) 'n *Lid* moet teenwoordig bly terwyl die register nagegaan word ten einde die privaatheid van persone in polisieaanhouding te beskerm en nie die onderwerp is van 'n ondersoek waarby die *kind* betrokke is nie.

17. Dagvaarding

- (1) Indien 'n dagvaarding ontvang word wat op 'n *kind*, wat na bewering 'n misdryf gepleeg het, beteken moet word, moet die ondersoekbeampte 'n ouer of *voog* van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* kontak en reëlings tref wat hom of haar in staat sal stel om die dagvaarding in die teenwoordigheid van 'n ouer of *voog* van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* te beteken ten minste 10 (tien) *werksdae* voor die datum van die *voorlopige ondersoek* of ander verhoor ten opsigte waarvan die *kind* gedagvaar is.
- (2) Wanneer die dagvaarding beteken word, moet die *lid* wat die dagvaarding beteken —

- (a) die inhoud van die dagvaarding aan die *kind* en die ouer, voog of *geskikte volwassene* verduidelik;
 - (b) die oorspronklike dagvaarding aan die *kind* in die teenwoordigheid van die ouer, voog of *geskikte volwassene* oorhandig en die *kind* en ouer, voog of *geskikte volwassene* versoek om die relaas te teken om ontvangs van die dagvaarding te erken; en
 - (c) twee afskrifte van die dagvaarding en die relaas maak en —
 - (i) die eerste afskrif van die dagvaarding en die relaas binne 24 uur nadat die dagvaarding aan die *kind* oorhandig is, aan die *aangewese proefbeampte* verskaf; en
 - (ii) bewys dat dit deur die *aangewese proefbeampte* ontvang is, tesame met die tweede afskrif van die dagvaarding en die relaas, liasseer onder "B" in die dossier wat geopen is ten opsigte van die saak waarvoor die *kind* gedagvaar is.
- (3) Indien die ondersoekbeampte nie reëlings kan tref wat hom of haar in staat sal stel om die dagvaarding ten minste 10 (tien) werksdae voor die datum van die *voorlopige ondersoek* of ander verhoor ten opsigte waarvan die *kind* gedagvaar is, te beteken nie, moet die ondersoekbeampte 'n toepaslike inskrywing in die ondersoekdagboek maak en die dossier voorlê aan die aanklaer met 'n versoek dat 'n nuwe dagvaarding uitgereik word.

18. Assessering van 'n kind

- (1) Die stasiebevelvoerder en Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder moet volledige ondersteuning verleen aan 'n *proefbeampte* om die *proefbeampte* in staat te stel om die *assessering* van 'n *kind* in polisieaanhouding te doen.
- (2) 'n Stasiebevelvoerder en Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder moet, indien daartoe versoek deur 'n *proefbeampte*, alle redelike stappe doen (insluitende om die ouer of voog van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* telefonies te kontak of die laaste bekende adres van die ouer of voog van die *kind* of die *geskikte volwassene* te besoek (mits dit binne 'n redelike afstand is)) ten einde die *proefbeampte* behulpsaam te wees om 'n ouer of voog van die *kind* of 'n *geskikte volwassene* op te spoor.
- (3) Die stasiebevelvoerder moet 'n vertrek, anders as 'n *polisiesel*, aan die *proefbeampte* beskikbaar stel waarin die *assessering* gedoen kan word. Sodanige vertrek moet die *proefbeampte* in staat stel om die *assessering* in privaatheid te doen.
- (4) (a) Indien die stasiebevelvoerder, Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder of enige ander *lid* van mening is dat —
 - (i) die *kind* 'n gevaar inhou vir die *proefbeampte* of enige ander persoon; of
 - (ii) daar 'n risiko is dat die *kind* tydens die *assessering* sal ontsnap,

moet die *lid* die *proefbeampte* inlig waarop sy of haar mening gebaseer is.

- (b) Indien die *proefbeampte* versoek dat 'n *lid* teenwoordig moet wees tydens die *assessering*, moet die stasiebevelvoerder of Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder 'n *lid*, anders as die ondersoekbeampte, vir hierdie doel beskikbaar stel.
- (5) Indien 'n *lid* teenwoordig is terwyl 'n *assessering* gedoen word, mag so 'n *lid* nie enige inligting wat tot sy of haar kennis gekom het tydens die *assessering*, openbaar nie, tensy hy of sy deur die voorsittende beampte by 'n *voorlopige ondersoek* of ander hofverrigtinge daartoe versoek word.

19. Fout in verband met plasing

- (1) Ingevolge die *Wet*, mag geen voorsittende beampte (ongeach of dit by 'n *voorlopige ondersoek* is of by ander verrigtinge in 'n *hof vir kinderstrafregpleging*) 'n *kind* na polisieaanhouding terugverwys in afwagting van die *kind* se volgende verskyning in die hof nie. Indien 'n hof derhalwe 'n lasbrief uitreik vir die verdere *aanhouding* van 'n *kind* en die lasbrief bepaal dat die *kind* in polisieaanhouding aangehou moet word tot 'n datum, wat in die lasbrief vermeld word, wanneer hy of sy weer in die hof moet verskyn, kom dit neer op 'n fout aan die kant van die voorsittende beampte en moet die aangeleentheid hanteer word soos in subparagraaf (2) uiteengesit.
- (2) Die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder moet —
- (a) die *kind* in polisieaanhouding opneem en die normale pligte verrig betreffende die *aanhouding* van 'n *kind* in polisieaanhouding;
 - (b) 'n inskrywing in die Voorvalleboek (VB) maak waarin die feit vermeld word dat die lasbrief vir die *aanhouding* van die *kind* in polisieaanhouding verkeerdelik deur die voorsittende beampte uitgereik is;
 - (c) die SAPD 583(i) (Kennisgewing van Fout in verband met die Plasing vorm) voltooi;
 - (d) 'n afskrif van die lasbrief vir die *aanhouding* van die *kind* by die polisiestasie maak en die afskrif aanheg by die Kennisgewing; en
 - (e) verseker dat —
 - (i) indien die *kind* by die polisiestasie ontvang word terwyl dit steeds moontlik is vir die *kind* om, voor die einde van die hofsitting vir daardie dag, na die voorsittende beampte teruggeneem kan word, die *kind* onmiddellik na die voorsittende beampte teruggeneem word, tesame met die Kennisgewing waaraan die afskrif van die lasbrief vir die *aanhouding* van die *kind* geheg is; of
 - (ii) indien die *kind* by die polisiestasie ontvang word wanneer dit nie meer moontlik is vir die *kind* om voor die einde van die hofsitting van daardie dag, na die voorsittende beampte teruggeneem kan word nie, die *kind* in polisieaanhouding bly tot die volgende hofdag en, aan die begin van die

volgende hofdag, na die voorsittende beampte teruggeneem word, tesame met die Kennisgewing waaraan die afskrif van die lasbrief vir die *aanhouding* van die *kind* geheg is.

- (3) Indien 'n *kind* verkeerdelik in 'n *kinder- en jeugsorgsentrum* geplaas is en 'n versoek word ontvang van die *kinder- en jeugsorgsentrum* om die *kind* terug te neem na die voorsittende beampte vir die fout om reggestel te word, moet die stasiebevelvoerder die ondersoekbeampte in die saak ten opsigte waarvan die *kind* in *aanhouding* is, indien hy of sy beskikbaar is, en, indien nie, 'n ander *lid*, opdrag gee om —
- (a) indien die versoek deur die stasiebevelvoerder ontvang is terwyl dit steeds moontlik is om die *kind*, voor die einde van die hofsitting vir daardie dag na die voorsittende beampte terug te neem, die *kind* onmiddellik na die voorsittende beampte terug te neem, tesame met die Skriftelike Verwysing deur die *kinder- en jeugsorgsentrum* waaraan die afskrif van die hofbevel, wat die *aanhouding* van die *kind* by die *kinder- en jeugsorgsentrum* magtig, geheg is; of
- (b) indien die versoek deur die stasiebevelvoerder ontvang is wanneer dit nie meer moontlik is vir die *kind* om, voor die einde van die hofsitting van daardie dag, na die voorsittende beampte teruggeneem te word nie, die *kind* aan die begin van die volgende hofdag op te laai en na die voorsittende beampte terug te neem, tesame met die Skriftelike Verwysing deur die *kinder- en jeugsorgsentrum* waaraan die afskrif van die hofbevel wat die *aanhouding* van die *kind* by die *kinder- en jeugsorgsentrum* magtig, geheg is.

20. Bekentenis deur 'n kind wat met die gereg bots

- (1) Indien 'n *kind* aan 'n *lid* aandui dat hy of sy bereid is om 'n bekentenis af te lê, moet die *lid* die *kind* inlig dat hy of sy —
- (a) na 'n landdros of 'n polisie-offisier (wat ookal die geval is) geneem sal word, dat die bekentenis neergeskryf sal word en as getuienis teen hom of haar in die hof gebruik kan word;
- (b) daarop geregtig is om 'n regsverteenvoerder teenwoordig te hê terwyl die bekentenis afgelê word; en
- (c) geregtig is om deur sy of haar ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* bygestaan te word terwyl die bekentenis afgeneem word.
- (2) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies dat sy of haar regsverteenvoerder teenwoordig is terwyl die bekentenis afgeneem word, moet die *lid* —
- (a) vasstel wie die regsverteenvoerder is;
- (b) die regsverteenvoerder kontak en hom of haar inlig dat die *kind* verkies dat hy of sy teenwoordig is terwyl die bekentenis afgeneem word en van die tyd wanneer en plek waar die bekentenis

- afgeneem sal word om hom of haar in staat te stel om teenwoordig te wees terwyl die bekentenis afgelê word; en
- (c) die landdros of 'n polisie-offisier (wat ookal die geval is) inlig van die stappe wat hy of sy gedoen het om die regsverteenvoorder in te lig wanneer die *kind* vir die afneem van die bekentenis na die landdros of die polisie-offisier geneem sal word.
- (3) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies dat sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig is om hom of haar by te staan terwyl die bekentenis afgelê word, moet die *lid* —
- (a) vasstel wat die bewegings van die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* is;
- (b) die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* kontak en hom of haar inlig dat die *kind* verkies dat hy of sy teenwoordig is terwyl die bekentenis afgelê word en van die tyd wanneer en plek waar die bekentenis afgeneem sal word om hom of haar in staat te stel om die *kind* by te staan terwyl die bekentenis afgeneem word; en
- (c) die landdros of 'n polisie-offisier (wat ookal die geval is) inlig van die stappe wat hy of sy gedoen het om die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* in te lig wanneer die *kind* na die landdros of die polisie-offisier geneem sal word vir die afneem van die bekentenis.
- (4) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies dat sy of haar regsverteenvoorder of sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* nie teenwoordig is terwyl die bekentenis afgelê word nie, moet die *lid* —
- (a) indien die *lid* en die *kind* by die polisiestasie teenwoordig is, —
- (i) 'n inskrywing in die Voorvalleboek (VB) maak waarin vermeld word dat die *kind* ingelig is, soos wat in subparagraaf (1) uiteengesit is, maar dat die *kind* aangedui het dat hy of sy verkies om nie sy of haar regsverteenvoorder of sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig te hê om hom of haar by te staan terwyl die bekentenis afgeneem word nie;
- (ii) die *kind* versoek om die inskrywing te teken om die korrektheid van die inskrywing te bevestig; en
- (iii) die landdros of die polisie-offisier (wat ookal die geval is) inlig van die keuse van die *kind* wanneer die *kind* na die landdros of die polisie-offisier geneem word vir die afneem van die bekentenis; of
- (b) indien die *lid* en die *kind* nie by die polisiestasie teenwoordig is nie, —
- (i) 'n inskrywing in sy of haar sakboek maak wat meld dat die *kind* ingelig is soos wat in subparagraaf (1) uiteengesit is, maar dat die *kind* aangedui het dat hy of sy verkies om nie sy of haar regsverteenvoorder of sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig te hê om hom of haar by te staan terwyl die bekentenis afgeneem word nie;

- (ii) die *kind* versoek om die inskrywing te teken om die korrektheid van die inskrywing te bevestig; en
- (iii) die landdros of die polisie-offisier (wat ookal die geval is) van die keuse van die *kind* inlig wanneer die *kind* na die landdros of die polisie-offisier geneem word vir die afneem van die bekentenis; en
- (c) indien deur die vermelde landdros of polisie-offisier daartoe versoek, hom of haar van die kontakbesonderhede van die regsverteenvoerder, ouer, *voog* of *geskikte volwassene* voorsien.

21. Uitwysing deur 'n kind wat met die gereg bots

- (1) Indien 'n *kind* aan 'n *lid* aandui dat hy of sy bereid is om 'n uitwysing te maak, moet die *lid* die *kind* inlig dat hy of sy —
 - (a) na 'n landdros of 'n polisie-offisier (wat ookal die geval is) geneem sal word, dat die uitwysing aangeteken sal word en as getuie teen hom of haar in die hof gebruik kan word;
 - (b) daarop geregtig is om 'n regsverteenvoerder teenwoordig te hê terwyl die uitwysing gedoen word; en
 - (c) geregtig is om deur sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* bygestaan te word terwyl die uitwysing gedoen word.
- (2) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies dat sy of haar regsverteenvoerder teenwoordig is terwyl die uitwysing gedoen word, moet die *lid* —
 - (a) vasstel wie die regsverteenvoerder is;
 - (b) die regsverteenvoerder kontak en hom of haar inlig dat die *kind* verkies dat hy of sy teenwoordig is terwyl die uitwysing gedoen word en van die tyd wanneer en plek waar die uitwysing gedoen sal word om hom of haar in staat te stel om teenwoordig te wees terwyl die uitwysing gedoen word; en
 - (c) die landdros of 'n polisie-offisier (wat ookal die geval is) inlig van die stappe wat hy of sy gedoen het om die regsverteenvoerder in te lig wanneer die *kind* na die landdros of die polisie-offisier geneem sal word vir die uitwysing.
- (3) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies dat sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig te hê om hom of haar by te staan terwyl die uitwysing gedoen word, moet die *lid* —
 - (a) die bewegings van die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* vasstel;
 - (b) die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* kontak en hom of haar inlig dat die *kind* verkies dat hy of sy teenwoordig is terwyl die uitwysing gedoen word en van die tyd wanneer en plek waar die uitwysing gedoen sal word om hom of haar in staat te stel om teenwoordig te wees en die *kind* by te staan terwyl die uitwysing gedoen word; en
 - (c) die landdros of 'n polisie-offisier (wat ookal die geval is) inlig van die stappe wat hy of sy gedoen het om die ouer, *voog* of die

geskikte volwassene in te lig wanneer die *kind* na die landdros of die polisie-offisier geneem sal word om die uitwysing te doen.

- (4) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies dat sy of haar regsverteenvoerder of sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* nie teenwoordig is terwyl die uitwysing gedoen word nie, moet die *lid* —
- (a) indien die *lid* en die *kind* by die polisiestasie teenwoordig is, —
- (i) 'n inskrywing in die Voorvalleboek (VB) maak waarin vermeld word dat die *kind* ingelig is, soos wat in subparagraaf (1) uiteengesit is, maar dat die *kind* aangedui het dat hy of sy verkies om nie sy of haar regsverteenvoerder of sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig te hê om hom of haar by te staan terwyl die uitwysing gedoen word nie;
- (ii) die *kind* versoek om die inskrywing te teken om die korrektheid van die inskrywing te bevestig; en
- (iii) die landdros of die polisie-offisier (wat ookal die geval is) inlig van die keuse van die *kind* wanneer die *kind* na die landdros of die polisie-offisier geneem word om die uitwysing te doen; of
- (b) indien die *lid* en die *kind* nie by die polisiestasie teenwoordig is nie, —
- (i) 'n inskrywing in sy of haar sakboek maak wat meld dat die *kind* ingelig is soos wat in subparagraaf (1) uiteengesit word, maar dat die *kind* aangedui het hy of sy verkies om nie sy of haar regsverteenvoerder of sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig te hê om hom of haar by te staan terwyl die uitwysing gedoen word nie;
- (ii) die *kind* versoek om die inskrywing te teken om die korrektheid van die inskrywing te bevestig; en
- (iii) die landdros of die polisie-offisier (wat ookal die geval is) inlig van die keuse van die *kind* wanneer die *kind* na die landdros of die polisie-offisier geneem word om die uitwysing te doen; en
- (c) indien deur die vermelde landdros of polisie-offisier daartoe versoek, hom of haar van die kontakbesonderhede van die regsverteenvoerder, ouer, *voog* of *geskikte volwassene* voorsien.

22. Erkenning deur 'n kind wat met die gereg bots

- (1) Indien 'n *kind* 'n erkenning maak, moet die *lid* die *kind* inlig dat hy of sy gereg is om —
- (a) te swyg en nie enige verklaring te hoef maak of enige vrae te hoef antwoord nie en dat enigiets wat hy of sy sê neergeskryf kan word en as getuieis teen hom of haar in die hof gebruik kan word;
- (b) met 'n regsverteenvoerder te konsulteer voordat enige verklaring gemaak, of enige vraag beantwoord word; en

- (c) deur sy of haar ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* bygestaan te word voordat enige verklaring gemaak, of enige vraag beantwoord word.
- (2) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies om met sy of haar regsverteenvoerder te konsulteer voordat hy of sy enige verklaring maak of enige vraag beantwoord, moet die *lid* —
- (a) vasstel wie die regsverteenvoerder is;
- (b) die regsverteenvoerder kontak en hom of haar inlig dat die *kind* verkies om met hom of haar te konsulteer en van die tyd wanneer en plek waar hy of sy met die *kind* kan konsulteer voordat die verklaring afgeneem of vrae gevra word; en
- (c) in die Voorvalleboek (VB), indien die *lid* by die polisiestasie is of, indien die *lid* nie by die polisiestasie is nie, in sy of haar sakboek, die stappe aanteken wat hy of sy gedoen het om die regsverteenvoerder, soos wat in subparagraaf (b) uiteengesit is, in te lig.
- (3) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies dat sy of haar ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig is om hom of haar by te staan voordat hy of sy enige verklaring maak of enige vraag beantwoord, moet die *lid* —
- (a) die bewegings van die ouer, voog of die *geskikte volwassene* vasstel;
- (b) die ouer, voog of die *geskikte volwassene* kontak en hom of haar inlig dat die *kind* verkies dat hy of sy teenwoordig is wanneer hy of sy enige verklaring maak of enige vraag beantwoord, en van die tyd wanneer en plek waar die verklaring geneem of vrae gevra sal word om hom of haar in staat te stel om die *kind* by te staan terwyl die verklaring geneem of vrae gevra word; en
- (c) in die Voorvalleboek (VB), indien die *lid* by die polisiestasie is of, indien die *lid* nie by die polisiestasie is nie, in sy of haar sakboek, die stappe aanteken wat hy of sy gedoen het om die ouer, voog of die *geskikte volwassene* in te lig, soos wat in subparagraaf (2)(b) uiteengesit word.
- (4) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies dat sy of haar regsverteenvoerder of sy of haar ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* nie teenwoordig is om hom of haar by te staan voordat enige verklaring gemaak, of enige vraag beantwoord word nie, moet die *lid* —
- (a) indien die *lid* en die *kind* by die polisiestasie teenwoordig is, —
- (i) 'n inskrywing in die Voorvalleboek (VB) maak waarin vermeld word dat die *kind* ingelig is, soos wat in subparagraaf (1) uiteengesit is, maar dat die *kind* aangedui het dat hy of sy verkies om nie sy of haar regsverteenvoerder of sy of haar ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig te hê om hom of haar by te staan voordat enige verklaring gemaak, of enige vraag beantwoord word nie;

- (ii) die *kind* versoek om die inskrywing te teken om die korrektheid van die inskrywing te bevestig; en
- (iii) enige verklaring deur die *kind* afneem deur Vorm SAPD 3M(l) behoorlik te voltooi; of
- (b) indien die *lid* en die *kind* nie by die polisiestasie teenwoordig is nie, —
 - (i) 'n inskrywing in sy of haar sakboek maak wat meld dat die *kind* ingelig is soos wat in subparagraaf (1) uiteengesit word, maar dat die *kind* aangedui het hy of sy verkies om nie sy of haar regsverteenvoerder of sy of haar ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig te hê om hom of haar by te staan voordat enige verklaring gemaak, of enige vraag beantwoord word nie;
 - (ii) die *kind* versoek om die inskrywing te teken om die korrektheid van die inskrywing te bevestig; en
 - (iii) enige verklaring deur die *kind* afneem deur Vorm SAPD 3M(l) behoorlik te voltooi.

23. Uitkenningsparade waarin 'n kind wat met die geregtelike bots, as 'n verdagte verskyn

- (1) 'n Onderzoekbeampte in 'n saak waarin 'n *kind* 'n verdagte is, wat besluit dat dit, vir doeleindes van die suksesvolle afhandeling van die ondersoek van die saak, nodig is vir die *kind* om as 'n verdagte op 'n uitkenningsparade te verskyn, moet, vroegtydig, ten einde die *kind* 'n redelike geleentheid te gun om die teenwoordigheid van sy of haar regsverteenvoerder en sy of haar ouer, voog of *geskikte volwassene* by die parade te verseker, voor die uitkenningsparade gehou moet word die *kind* inlig —
 - (a) van die voorneme om die uitkenningsparade te hou en die doel van die uitkenningsparade;
 - (b) dat hy of sy regtens verplig is om aan die uitkenningsparade deel te neem; en
 - (c) dat hy of sy geregtig is om sy of haar regsverteenvoerder en sy of haar ouer, voog of *geskikte volwassene* by die parade teenwoordig te hê.
- (2) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies dat sy of haar regsverteenvoerder teenwoordig is terwyl die uitkenningsparade gehou word, moet die onderzoekbeampte —
 - (a) vasstel wie die regsverteenvoerder is;
 - (b) die regsverteenvoerder kontak en hom of haar inlig dat die *kind* verkies dat hy of sy teenwoordig is wanneer die uitkenningsparade gehou word en van die tyd wanneer en plek waar die uitkenningsparade gehou sal word om hom of haar in staat te stel om teenwoordig te wees terwyl die uitkenningsparade gehou word; en
 - (c) in die Voorvalleboek (VB) die stappe aanteken wat hy of sy gedoen het om die regsverteenvoerder, soos wat in subparagraaf (b) uiteengesit is, in te lig.

- (3) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies om sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig te hê om hom of haar by te staan terwyl die uitkenningssparade gehou word, moet die *lid* —
- (a) die bewegings van die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* vasstel;
 - (b) die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* kontak en hom of haar inlig dat die *kind* verkies dat hy of sy teenwoordig is terwyl die uitkenningssparade gehou word, en —
 - (i) van die tyd wanneer en plek waar die uitkenningssparade gehou sal word om hom of haar in staat te stel om dit by te woon en die *kind* by te staan terwyl die uitkenningssparade gehou word; en
 - (ii) dat hy of sy geregtig is om die uitkenningssparade by te woon en die *kind* tydens die uitkenningssparade mag bystaan; en
 - (c) in die Voorvalleboek (VB), die stappe aanteken wat hy of sy gedoen het om die ouer, *voog* of die *geskikte volwassene* in te lig, soos wat in subparagraaf (b) uiteengesit word.
- (4) Indien die *kind* aandui dat hy of sy verkies dat sy of haar regsverteenvoerwoordiger of sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* nie teenwoordig is om hom of haar by te staan terwyl die uitkenningssparade gehou word nie, moet die *lid* —
- (a) 'n inskrywing in die Voorvalleboek (VB) maak waarin vermeld word dat die *kind* ingelig is, soos wat in subparagraaf (1) uiteengesit is, maar dat die *kind* aangedui het dat hy of sy verkies om nie sy of haar regsverteenvoerwoordiger of sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* teenwoordig te hê om hom of haar by te staan terwyl die uitkenningssparade gehou word nie;
 - (b) die *kind* versoek om die inskrywing te teken om die korrektheid van die inskrywing te bevestig; en
 - (c) indien deur die *lid* in beheer van die uitkenningssparade, daartoe versoek, hom of haar van die kontakbesonderhede van die regsverteenvoerwoordiger, ouer, *voog* of *geskikte volwassene* voorsien.
- (5) Die *lid* in beheer van 'n uitkenningssparade moet, voor die aanvang van die parade, elke *kind* wat as 'n verdagte op die parade moet verskyn, van die volgende inlig:
- (a) die aard van die beweringe teen hom of haar;
 - (b) die doel van die uitkenningssparade;
 - (c) sy of haar reg tot regsverteenvoerwoordiging en hom of haar 'n redelike geleentheid gun en bystaan om sy of haar regsverteenvoerwoordiger te kontak of regsverteenvoerwoordiging te bekom;
 - (d) sy of haar reg om deur sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* bygestaan te word tydens die parade en hom of haar bystaan om sy of haar ouer, *voog* of 'n *geskikte volwassene* te

- kontak om die teenwoordigheid of sy of haar ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* by die parade te verseker;
- (e) sy of haar swygreg; en
 - (f) dat hy of sy regtens verplig is om aan die uitkenningssparade deel te neem.
- (6) Indien die *kind* weier om aan die uitkenningssparade deel te neem, moet hy of sy nie fisies na die parade geneem word nie. Die *kind* moet egter ingelig word dat sy of haar weiering as getuienis tydens sy of haar verhoor teen hom of haar aangebied sal word en dat die hof 'n negatiewe afleiding uit die weiering kan maak.
- (7) Die regsverteenvoerder van die *kind* of sy of haar ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* mag nie deelneem of inmeng in die verrigtinge nie en is bloot 'n waarnemer. Die ouer, voog of 'n *geskikte volwassene* wat die parade bywoon, moet dienooreenkomstig ingelig word en moet toegelaat word om die *kind* te ondersteun tussen die verskyning van getuies. Die regsverteenvoerder van die *kind* kan feite ten opsigte van die uitkenningssparade ontlok tydens kruisondervraging in die hof en selfs daarvoor getuig.
- (8) Die *kind* moet in so 'n toestand, posisie of klere aan die parade deelneem soos die *lid* in beheer van die parade mag bepaal. Die *kind* of sy of haar regsverteenvoerder, ouer, voog of die *geskikte volwassene* kan redelike versoeke in verband met die voorkoms van die *kind* op die parade rig. Die *lid* in beheer van die parade mag egter weier om so 'n versoek na te kom indien dit in die belang van geregtigheid sal wees om te weier - soos wanneer die verandering van voorkoms inderwaarheid daartoe kan lei dat die *kind* vermom sal wees.
- (9) Nasionale Instruksie 1 van 2007 oor Uitkenningssparades (soos gewysig deur subparagrafe (1)-(8)) geld vir 'n uitkenningssparades waarin 'n *kind* as 'n verdagte verskyn.

24. Ontvangs van inligting dat 'n kind deur 'n volwassene gebruik is om 'n misdryf te pleeg

- (1) Ingevolge artikel 141(1)(d) saamgelees met artikel 305(1)(c) van die *Kinderwet*, is enige volwasse persoon wat 'n *kind* gebruik, bekom of aanbied vir die pleging van enige misdryf wat in Bylae 1 of 2 van die *Strafproseswet* vermeld word, of poog om dit te doen, skuldig aan 'n misdryf.
- (2) Ingevolge artikel 92 van die *Wet*, moet 'n beampte van die hof of *proefbeampte*, indien dit tot sy of haar aandag kom dat 'n *kind* deur 'n volwassene gebruik is om 'n misdryf te pleeg waarna in Bylae 1 of 2 van die *Strafproseswet* verwys word, die inligting tot sy of haar beskikking by 'n polisiebeampte aanmeld.

- (3) Die persoon wat die beweerde pleging van die misdryf aanmeld, doen dit gewoonlik vrywillig (behalwe in omstandighede waarna in subparagraaf (2)) verwys word en is dienooreenkomstig gewoonlik bereid om al die inligting tot sy of haar beskikking aan die polisie te verskaf.
- (4) Enige persoon wat sodanige inligting aanmeld as gevolg van die regsplig ingevolge artikel 92 van *die Wet* om dit te doen, mag dit soms doen weens die regsplig wat op hom of haar rus om dit te doen.
- (5) Indien 'n persoon (waarna in subparagraaf (4)) verwys word), sodanige kennis of sy of haar geloof of vermoede by 'n polisiebeampte aanmeld, mag die *lid* wat die inligting ontvang, onder geen omstandighede sodanige persoon weg wys nie. Sodanige *lid* moet die inligting oorweeg en —
- (a) indien die *lid* tevrede is dat daar redelike gronde bestaan om te glo dat die misdryf vervat in artikel 141(1)(d) van die *Kinderwet*, inderdaad gepleeg is, 'n beëdigde verklaring van die persoon neem, waarin die inligting wat deur daardie persoon verskaf is, uiteengesit word, 'n dossier open vir die ondersoek van die misdryf wat na bewering gepleeg is en die dossier op die MAS stelsel registreer; of
- (b) indien die *lid* nie tevrede is dat daar redelike gronde is om te glo dat so 'n misdryf wel gepleeg is nie, met die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder konsulteer wat 'n omvattende VB-inskrywing van die aanmelding moet maak en die redes waarom die Bevelvoerder nie tevrede is dat daar redelike gronde is om te glo dat so 'n misdryf wel gepleeg is nie en die nommer van die VB-inskrywing aan die persoon wat dit aangemeld het, verskaf. Die inskrywing moet voldoende besonderhede van die persoon, wat die aanmelding gedoen het, bevat om hom of haar op te spoor en te ondervra indien dit nodig sou word.
- (6) Enige persoon wat die beweerde pleging van die misdryf vervat in artikel 141(1)(d) van die *Kinderwet* by 'n *lid* aanmeld, moet op 'n professionele wyse hanteer word en moet gerusgestel word dat die aanmelding in 'n ernstige lig beskou word en deeglik ondersoek sal word.

25. Uitwissing van vorige veroordelings en die kriminele rekord van 'n kind

- (1) Die Hoof: Kriminele Rekord Sentrum mag enige *lid* verbonde aan die Kriminele Rekord Sentrum met die rang van Brigadier of hoër skriftelik magtig om die kriminele rekord van 'n persoon uit te wis wat skuldig bevind is aan 'n misdryf terwyl daardie persoon 'n *kind* was, by ontvangs van 'n sertifikaat van uitwissing wat uitgereik is deur —
- (a) die Direkteur-Generaal van die Departement of Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling; of
- (b) die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling.

-
- (2) Die Hoof: Kriminele Rekord Sentrum moet elke sertifikaat waarna in subparagraaf (1) verwys word, liasseer en rekord hou van die datum van ontvangs van die sertifikaat, die datum waarop die rekord van die skuldigbevinding en vonnis verwyder is en die beampte wat dit verwyder het.
- (3) Die Hoof: Kriminele Rekord Sentrum moet, by ontvangs van 'n skriftelike versoek van enige persoon wie se kriminele rekord in ooreenstemming met hierdie paragraaf uitgewis is, skriftelik bevestig dat die kriminele rekord van die *kind* uitgewis is.

AANHANGSEL A**BYLAE 1**

1. Diefstal, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is of diefstal onder valse voorwendsels, waar die bedrag betrokke nie R 2 500 te bowe gaan nie.
2. Bedrog, afpersing, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste stuk of 'n misdryf waarna in die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), verwys word, waar die bedrag betrokke nie R1 500 te bowe gaan nie.
3. Opsetlike saakbeskadiging, waar die bedrag betrokke nie R1 500 te bowe gaan nie.
4. Aanranding gewoon, wanneer 'n gevaarlike wond nie toegedien is nie.
5. Meineed.
6. Minagting van die hof.
7. Godslastering.
8. Afkoop van 'n misdryf.
9. Crimen iniuria.
10. Laster.
11. Betreding.
12. Openbare onsedelikheid.
13. Verkryging van seksuele dienste van persone 18 jaar of ouer, waarna in artikel 11 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007) verwys word.
14. Bestialiteit, waarna in artikel 13 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 verwys word.
15. Handeling van instemmende seksuele penetrasie met sekere kinders (statutêre verkragting) en handeling van instemmende seksuele skending met sekere kinders (statutêre seksuele aanranding), waarna onderskeidelik in artikels 15 en 16 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 verwys word, en onderhewig aan daardie artikels.
16. Enige misdryf ingevolge enige wet betreffende die onwettige besit van afhanklikheidsvormende medisyne, anders as enige misdryf waarna in Item 17 van hierdie Bylae verwys word, waar die hoeveelheid nie R 500 in waarde oorskry nie.
17. Enige ander statutêre misdryf waarvan die maksimum straf bepaal deur daardie wet gevangenisstraf is vir 'n tydperk van nie langer nie as drie maande of 'n boete vir daardie tydperk, bepaal ooreenkomstig die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No. 101 van 1991).
18. Enige sameswering, uitlokking of poging om 'n in hierdie Bylae bedoelde misdryf te pleeg.

AANHANGSEL A**BYLAE 2**

1. Diefstal, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is of diefstal onder valse voorwendsels, waar die bedrag betrokke R 2 500 te bowe gaan.
2. Bedrog, afpersing, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste stuk of 'n misdryf waarna in die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), verwys word, waar die bedrag betrokke R 1 500 te bowe gaan.
3. Roof, anders as roof met verswarende omstandighede.
4. Opsetlike saakbeskadiging, waar die bedrag betrokke R 1 500 te bowe gaan.
5. Aanranding, waar ernstige liggaamlike leed toegedien is.
6. Openbare geweld.
7. Strafbare manslag.
8. Brandstigting.
9. Huisbraak, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, met die opset om 'n misdryf te pleeg.
10. Toediening van gif of ander skadelike stowwe.
11. Blootstelling van 'n jong kind.
12. Abduksie.
13. Seksuele aanranding, gedwonge seksuele aanranding of gedwonge self-seksuele aanranding waarna onderskeidelik in artikels 5, 6 en 7 van die Wysigingswet op die Strafbreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007), verwys word waar die toediening van ernstige liggaamlike leed nie betrokke is nie.
14. Dwang of veroorsaking van persone 18 jaar of ouer om seksuele misdrywe, seksuele handeling of self-masturbasie waar te neem, waarna in artikel 8 van die Wysigingswet op die Strafbreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, verwys word.
15. Blootstelling of vertoon van of veroorsaking van blootstelling of vertoon van kinderpornografie of pornografie soos waarna onderskeidelik in artikels 10 of 19 van die Wysigingswet op die Strafbreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, verwys word.
16. Bloedskande en seksuele handeling met lyk, waarna onderskeidelik in artikels 12 en 14 van die Wysigingswet op die Strafbreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, verwys word.
17. Blootstelling of vertoon van of veroorsaking van blootstelling of vertoon van geslagsorgane, anus of vroulike borste aan enige persone waarna in artikels 9 of 22 van die Wysigingswet op die Strafbreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, verwys word.
18. Lyk- of grafskending.
19. Verydeling of belemmering van die regspleging.
20. Enige misdryf waarna in artikel 1 of 1A van die Wet op Intimidasie, 1982 (Wet No. 72 van 1982) verwys word.
21. Enige misdryf wat verband hou met kriminele bende-aktiwiteite waarna in Hoofstuk 4 van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 1998 (Wet No. 121 van 1998) verwys word.

22. Enige oortreding van artikel 2 van die Dierebeskermingswet, 1962 (Wet No. 71 van 1962).
23. Enige misdryf ingevolge enige wet met betrekking tot die onwettige besit van afhanklikheidsvormende medisyne, anders as enige misdryf waarna in Item 24 van hierdie Bylae verwys word, waar die hoeveelheid betrokke R 500, maar nie R 5 000 in waarde oorskry nie.
24. Enige ander statutêre misdryf waarvan die maksimum straf wat deur daardie wet bepaal word, gevangenisstraf is vir 'n tydperk wat drie maande oorskry, maar minder as vyf jaar is of 'n boete vir daardie tydperk, bepaal ooreenkomstig die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No. 101 van 1991).
25. Enige sameswering, uitlokking of poging om 'n in hierdie Bylae bedoelde misdryf te pleeg.

AANHANGSEL A**BYLAE 3**

1. Hoogverraad.
2. Sedisie.
3. Moord.
4. Afpersing, waar daar verswarende omstandighede teenwoordig is.
5. Menseroof.
6. Roof —
 - (a) waar verswarende omstandighede teenwoordig is; of
 - (b) in verband met die neem van 'n motorvoertuig.
7. Verkragting of gedwonge verkragting waarna onderskeidelik in artikels 3 en 4 van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007), verwys word.
8. Seksuele aanranding, gedwonge seksuele aanranding of gedwonge self-seksuele aanranding waarna onderskeidelik in artikels 5, 6 en 7 van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, verwys word, waarby ernstige liggaamlike leed die toegedien is.
9. Seksuele uitbuiting van kinders, seksuele aanvoring van kinders en gebruikmaking van kinders vir of voordeel trek uit kinderpornografie, waarna onderskeidelik in artikels 17, 18 en 20 van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 verwys word.
10. Blootstelling of vertoon of veroorsaking van blootstelling of vertoon van kinderpornografie of pornografie aan kinders waarna in artikel 19 van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, verwys word, indien daardie blootstelling of vertoon die fasilitering of bevordering beoog van —
 - (a) die seksuele uitbuiting of seksuele aanvoring van 'n kind waarna onderskeidelik in artikels 17 of 18 van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 verwys word; of
 - (b) die gebruik van 'n kind vir, of op enige wyse voordeel trek uit kinderpornografie, soos uiteengesit in artikel 20 van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007.
11. Dwang of om kinders daartoe te bring om seksuele misdrywe, seksuele dade of self-masturbasie waar te neem, waarna in artikel 21 van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 verwys word.
12. Seksuele uitbuiting van persone wat verstandelik gestremd is, seksuele aanvoring van persone wat verstandelik gestremd is, blootstelling of vertoon van of veroorsaking van blootstelling of vertoon van kinderpornografie of pornografie of skadelike materiaal aan persone wat verstandelik gestremd is of die gebruik van persone wat verstandelik gestremd is vir pornografiese doeleindes of om voordeel daaruit te trek, waarna onderskeidelik in artikels 23, 24, 25, en 26 van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 verwys word.
13. Handeldryf in mense vir seksuele doeleindes waarna in artikel 71(1) verwys word en betrokkeheid by mensehandel vir seksuele doeleindes waarna in artikel

- 71(2) van die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 verwys word.
14. Enige misdryf waarna in Dele 1, 2 en 3 van Hoofstuk 2 van die Wet op Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite, 2004 (Wet No. 33 van 2004) verwys word.
 15. Enige misdryf in verband met —
 - (a) rampokkery waarna in Hoofstuk 2 verwys word; of
 - (b) die opbrengs van onregmatige aktiwiteite waarna in Hoofstuk 3, van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 1998 (Wet No. 121 van 1998) verwys word.
 16. Die misdade van volksmoord, misdade teen die mensdom en oorlogsmisdade waarna in die Wet op die Implementering van die Statuut van Rome oor die Internasionale Strafhof, 2002 (Wet No. 27 van 2002) verwys word.
 17. Enige misdryf ingevolge enige wet in verband met —
 - (a) die handel in of smokkel van ammunisie, vuurwapens, plofstowwe of wapentuig;
 - (b) die besit van ammunisie, vuurwapens of wapentuig.
 18. Enige misdryf waarna in artikel 13(f) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Wet No. 140 van 1992) verwys word.
 19. Enige misdryf van 'n ernstige aard indien daar beweer word dat die misdryf gepleeg is deur 'n persoon, groep persone, sindikaat of enige onderneming, wat optree in die uitvoering of bevordering van 'n gemeenskaplike doel of sameswering.
 20. Enige misdryf ingevolge enige wet in verband met die onwettige besit van afhanklikheidsvormende stowwe, anders as 'n misdryf waarna in Item 21 van hierdie Bylae verwys word, waar die hoeveelheid betrokke R 5 000 in waarde oorskry.
 21. Enige ander statutêre misdryf waarvan die maksimum straf bepaal deur daardie wet gevangenisstraf is vir 'n tydperk wat vyf jaar oorskry of 'n boete vir daardie tydperk, bepaal ooreenkomstig die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No. 101 van 1991).
 22. Enige sameswering, uitlokking of poging om 'n in hierdie Bylae bedoelde misdryf te pleeg.

INJURIES REGISTER (CHILDREN)
BESERINGSREGISTER (KINDERS)

Serial no Volgno	Date Datum	Nature of injury / trauma and circumstances surrounding the injury / trauma Aard van besering/trauma en omstandighede rondom die besering/trauma	Signature and particulars of complainant / member reporting the incident Handtekening en besonderhede van klaer / lid wat voorval aanmeld	Nature of medical treatment Aard van mediese behandeling	Initial of Station Commander and date Paraaf van Stasiebevelvoerder en datum

Date report referred to Cluster Commander Datum waarop verslag verwys is na Groepsbevelvoerder	Instructions by Cluster Commander / Provincial Commissioner Instruksies van Groepsbevelvoerder / Provinsiale Kommissaris	Steps taken as result of the instructions of Cluster Commander / Provincial Commissioner Stappe gedoen na aanleiding van instruksies van Groepsbevelvoerder / Provinsiale Kommissaris

SAPD 583(a)

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE



SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

**INLIGTINGSKENNISGEWING AAN PERSOON AAN WIE 'N KIND JONGER AS 10 JAAR
OORHANDIG IS**

(Artikel 9(1) van die Wet op Strafregpleging ten opsigte van Kinders, 2008 (Wet No. 75 van 2008))

Besonderhede van kind:

Volle name en van: _____

Ouderdom: _____ Beweerde misdryf gepleeg: _____

Bovermelde kind wat jonger as 10 jaar is, het na bewering bovermelde misdryf gepleeg en word hiermee oorhandig aan:

Besonderhede van ouer, voog of geskikte volwassene aan wie die kind oorhandig is:

Naam en van: _____

Woonadres: _____

Kontaknommer: _____

Verwantskap met kind: _____

OF

Indien die ouer of voog van die kind of 'n geskikte volwassene nie beskikbaar is nie, of dit is nie in die beste belang van die kind om aan sodanige persoon oorhandig te word nie, word die kind hiermee aan die volgende kinder- en jeugsorgsentrum oorhandig:

Naam en adres van Kinder- en jeugsorgsentrum: _____

Kontakbesonderhede van Kinder- en jeugsorgsentrum: _____

Naam en van van persoon aan wie kind oorhandig is: _____

Besonderhede van aangewese Proefbeampte:

Naam en van: _____

Kontakbesonderhede: _____

Die kind is oorhandig op (datum) _____ 20 _____ om (tyd) _____ : _____ deur

(Persalnommer) _____ (rang) _____ (naam en van) _____

_____ gestationeer by (naam van polisiestasie)

_____ kontaknommer: _____

Handtekening: Lid _____

Handtekening van persoon aan wie kind oorhandig is _____

**BAIE BELANGRIK: LET ASSEBLIEF OP NA DIE INLIGTING WAT OP DIE AGTERKANT VAN
HIERDIE KENNISGEWING VERSKYN**

LET ASSEBLIEF DAAROP:

1. Die kind is onder die ouderdom van 10 jaar en kan derhalwe nie in 'n hof vervolgt word vir die pleging van die beweerde misdryf nie.
2. Die kind moet, so gou as moontlik, maar binne 7 dae na die uitreiking van hierdie Inligtingskennisgewing, deur die proefbeampte geassesseer word (sien besonderhede op die voorkant). Die proefbeampte sal u kontak om reëlins te tref om die kind te assesser. U moet met die proefbeampte saamwerk om te verseker dat die kind geassesseer word.
3. Na die assessering, sal die proefbeampte besluit hoe daar met die saak voortgegaan moet word en u van die volgende stap in die saak inlig.
4. Die kind **MOET** die besluit van die proefbeampte nakom. Indien die kind versuim om die besluit van die proefbeampte na te kom, sal die aangeleentheid na 'n Kinderhof verwys word en die kind sal hanteer word as 'n kind wat, ooreenkomstig die Kinderwet, 2005 (Wet No. 38 van 2005), sorg en beskerming nodig het.
5. U moet saamwerk en verseker dat die kind na die assessering die besluit van die proefbeampte nakom.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE



SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

SKRIFTELIKE KENNISGEWING OM BY DIE VOORLOPIGE ONDERSOEK TE VERSKYN

(Artikel 18 van die Wet op Strafregpleging ten opsigte van Kinders, 2008 (Wet No. 75 van 2008))

Polisiestasie:	MAS/MR No:	Ondersoekbeampte van SAPD																				
Plek van Voorlopige Onderzoek		Kamerno:																				
		Datum van voorlopige ondersoek																				
		<table border="1"> <tr> <td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td> </tr> </table>																				

AAN:

Volle name en van van kind:																			
Woonadres:																			
Werkadres /Skool bygewoon:																			
Geslag		M	V	Nasionaliteit:				Ouderdom:											
ID No:																			

U word, ingevolge artikel 18 van die Wet op die Strafregpleging ten opsigte van Kinders, 2008 (Wet 75 van 2008), hierby aangesê om op die datum en plek hierbo vermeld om 08:30 by die voorlopige ondersoek te verskyn waar die bewerings teen u oorweeg sal word dat u op of ongeveer _____ en by of naby _____ in die distrik van _____ wederregtelik

Die oorspronklike kennisgewing is vandag oorhandig aan die voormelde kind persoonlik en in die teenwoordigheid van (naam en van) _____ OF 'n afskrif is oorhandig aan (naam en van) _____ met ID no. _____ (woonadres) _____ wat die kind se _____ is (meld verwantskap met die kind).

Die kind is gewaarsku om op die datum, tyd en plek hierbo aangedui by die voorlopige ondersoek te verskyn en die ouer, voog of geskikte volwassene is gewaarsku om die kind te bring of toe te sien dat die kind op die datum, tyd en plek soos hierby aangedui na die voorlopige ondersoek gebring word.

Plek

Naam en van van lid

Handtekening: Lid

Amptelike Stempel

ONTVANGSERKENNING VAN SKRIFTELIKE KENNISGEWING

Handtekening: Kind

Handtekening: Ouer, Voog of Geskikte Volwassene

Datum

Datum

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE



SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

SKRIFTELIKE VERSLAG OOR DIE AANHOUDING VAN 'N KIND WAT VIR 'N BYLAE 1 MISDRYF GEARRESTEER IS VOOR VERSKYNING BY DIE VOORLOPIGE ONDERSOEK
(Artikel 22(2) van die Wet op Strafregpleging ten opsigte van Kinders, 2008 (Wet No. 75 van 2008))

MAS/MR No: _____

Besonderhede van kind

Volle name en van: _____

Ouderdom: _____ Geboortedatum: _____ Geslag: _____

Datum van arrestasie: _____ Tyd van arrestasie: _____

Stasie waar kind aangehou word: _____

Beweerde misdryf(we): _____

Redes vir die aanhouding van die kind

Motiveer waarom die kind nie uit aanhouding vrygelaat kon word nie:

Die ouers van die kind, 'n geskikte volwassene of die voog van die kind kon nie opgespoor word nie of is nie beskikbaar nie en alle redelike pogings is aangewend om die ouers, 'n geskikte volwassene of voog op te spoor. Verduidelik die stappe wat gedoen is:

OF

Daar is 'n wesenlike risiko dat die kind 'n gevaar sal wees vir enige ander persoon of vir homself of haarself. Verduidelik die risikos indien die kind vrygelaat sou word: (Heg dokumentasie aan indien dit relevant is tot die risiko)

Rang: _____

Persalno: _____

Naam en van: _____

Handtekening: Lid _____

Amptelike Stempel

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE



SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

SKRIFTELIKE VERSLAG OOR VERSUIM OM DIE OUER, VOOG OF GESKIKTE VOLWASSENE IN TE LIG VAN DIE ARRESTASIE VAN 'N KIND

(Artikel 20(3)(d) van die Wet op Strafregpleging ten opsigte van Kinders, 2008 (Wet No. 75 van 2008))

MAS/MR No: _____

Besonderhede van kind

Volle name en van: _____

Ouderdom: _____ Geboortedatum: _____ Geslag: _____

Datum van arrestasie: _____ Tyd van arrestasie: _____

Stasie waar kind aangehou word: _____

Beweerde misdryf(we): _____

Besonderhede van ouer, geskikte volwassene of voog (Indien bekend)

Volle name en van: _____

Woonadres: _____

Kontakbesonderhede: _____

Stappe gedoen om die ouer, voog of geskikte volwassene in te lig van die arrestasie van die kind (insluitende waarom dit onsuksesvol was): (Verskaf besonderhede van stappe gedoen, insluitende die wyse waarop en tyd van

elke poging) _____

Rang: _____ Persalno: _____

Naam en van: _____

Handtekening: Lid _____

Amptelike Stempel

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE



SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

**SKRIFTELIKE VERSLAG OOR VERSUIM OM DIE PROEFBEAMPTTE IN TE LIG VAN DIE
ARRESTASIE VAN 'N KIND**

(Artikel 20(4)(b) van die Wet op Strafregpleging ten opsigte van Kinders, 2008 (Wet No. 75 van 2008))

MAS/MR No: _____

Besonderhede van kind:

Volle name en van: _____

Ouderdom: _____ Geboortedatum: _____ Geslag: _____

Datum van arrestasie: _____ Tyd van arrestasie: _____

Stasie waar kind aangehou word: _____

Beweerde misdryf(we): _____

Besonderhede van proefbeampte:

Naam en van: _____

Gestasioneer te: _____

Kontakbesonderhede: _____

Stappe gedoen om die proefbeampte in te lig van die arrestasie van die kind (insluitende die rede waarom dit onsuksesvol was): (Verskaf besonderhede van stappe gedoen, insluitende die wyse waarop en tyd van elke poging)

Rang: _____ Persalno: _____

Naam en van: _____

Handtekening: Lid _____

Amptelike Stempel

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE



SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

SKRIFTELIKE VERSLAG OOR BESERING OPGEDOEN OF ERNSTIGE SELKUNDIGE TRAUMA GELY DEUR 'N KIND

(Artikel 28 van die Wet op Strafregpleging ten opsigte van Kinders, 2008 (Wet No. 75 van 2008))

Polisiestasie _____ MAS/MR _____
 Beseringsregister (SAPD 583) no _____

**DEEL A
 (MOET DEUR LID VOLTOOI WORD)**

Besonderhede van kind

Volle name en van: _____
 Ouderdom: _____ Geboortedatum /ID no: _____
 Datum en tyd van arrestasie: _____
 Beweerde misdryf(we) gepleeg: _____

Aard van besering / ernstige sielkundige trauma

Beskryf die aard van besering / ernstige sielkundige trauma: _____

Beskryf die stappe gedoen om mediese behandeling te bekom en die uitslag daarvan: _____

Meld die aard van mediese behandeling ontvang deur die kind: _____

(Heg 'n afskrif van die mediese verslag aan hierdie Kennisgewing)

OF

Indien dit onmoontlik is in die omstandighede om mediese behandeling te bekom vir die kind, meld die redes waarom dit onmoontlik is: _____

Meld toekomstige mediese behandeling wat vereis word, indien enige: _____

Indien die klagte van besering of trauma deur iemand anders as die kind aangemeld is, meld die besonderhede van daardie persoon:

Volle name en van: _____

Woonadres: _____

_____ Kontaknommer: _____

Verhouding met kind: _____

 Handtekening: Lid

 Datum

**DEEL B
 (MOET DEUR DIE STASIEBEVELVOERDER VOLTOOI WORD)**

Kommentaar / Instruksies

 Handtekening: Stasiebevelvoerder

Amptelike stempel

**DEEL C
 (MOET DEUR DIE GROEPSBEVELVOERDER VOLTOOI WORD)**

Opmerkings / Instruksies

 Handtekening: Groepsbevelvoerder

Amptelike stempel

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE



SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

SKRIFTELIKE VERSLAG IN VERBAND MET DIE VERVOER VAN 'N KIND SAAM MET 'N VOLWASSENE

(Artikel 33(2)(c) van die Wet op Strafregpleging ten opsigte van Kinders, 2008 (Wet No. 75 van 2008))

MAS/MR No: _____

Besonderhede van kind:

Volle name en van: _____

Ouderdom: _____ Geboortedatum: _____ Geslag: _____

Datum van arrestasie: _____ Tyd van arrestasie: _____

Beweerde misdryf(we): _____

Besonderhede van die vervoer:

Datum van vervoer: _____ Tyd van vervoer: _____

Kind is vervoer vanaf (plek) _____ na _____ (plek)

Besonderhede van volwassene(s) vervoer saam met die kind: _____

Meld watter pogings aangewend is om die kind apart van volwassenes te vervoer en die rede waarom die kind nie apart van volwassenes vervoer is nie: _____

Meld die maatreëls wat geneem is om die kind tydens die vervoer te beskerm: _____

Handtekening: Lid

Amptelike stempel

Persalno: _____ Rang: _____

Lid se voorletters en van: _____

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE



SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

AANSOEK OM TOEGANG TOT DIE AANHOUDINGSREGISTER
 (Artikel 28(4) van die Wet op Strafregpleging ten opsigte van Kinders, 2008 (Wet No. 75 van 2008))

MAS/MR No: _____

Aan: Die Stasiebevelvoerder:

_____ Polisiestasie

Besonderhede van aansoeker

Volle name en van: _____

Identiteitsnommer: _____

Hoedanigheid: _____

Beroep: _____

Naam van werkgever / besigheid: _____

Woonadres: _____

Kontakbesonderhede: _____

Redes vir insae tot die Aanhoudingsregister

Verduidelik waarom u versoek om insae in die Aanhoudingsregister te verkry:

Handtekening: Aansoeker _____

Datum _____

**BESLUIT VAN DIE STASIEBEVELVOERDER OF DIE PERSOON WAT DEUR DIE
 STASIEBEVELVOERDER AANGEWYS IS**

Merk die gepaste blok. Indien 'n aansoek afgekeur word, vermeld die redes vir die besluit hieronder.

Aansoek Goedgekeur		Aansoek Geweier	
--------------------	--	-----------------	--

Redes vir die weiering van toegang tot die Aanhoudingsregister:

Handtekening: Stasiebevelvoerder / Aangewese persoon _____

Amptelike Stempel

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE



SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

KENNISGEWING VAN FOUT IN VERBAND MET PLASING

(Artikel 30 van die Wet op Strafregpleging ten opsigte van Kinders, 2008 (Wet No. 75 van 2008))

Saakno: _____

Aan: Die Klerk van die Hof vir Kinderstrafregpleging:

Besonderhede van die kind:

Volle name en van: _____

Ouderdom: _____ Geboortedatum: _____

Beweerde misdryf(we): _____

Besonderhede van plasingbevel:

Bepalings van bevel: _____

Datum waarop bevel uitgereik is: _____

Besonderhede van voorsittende beampte wat bevel uitgereik het: _____

Besonderhede van Gemeenskapsdienssentrumbevelvoerder wat kind ingevolge die plasingbevel by die polisiestatie ontvang het en wat die kind terugverwys

Naam en van: _____

Redes waarom die kind terugverwys word na die voorsittende beampte: _____

Heg 'n afkrif van die lasbrief aan wat die aanhouding van die kind magtig

Handtekening: Gemeenskapsdienssentrumbevelvoerder

Amptelike stempel

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE



SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

INLIGTINGSKENNISGEWING BY ARRESTASIE VAN 'N KIND*(Artikels 20(3)(d) en (indien toepaslik) 27(a) van die Wet op Strafregpleging ten opsigte van Kinders, 2008 (Wet No. 75 van 2008))***Besonderhede van kind:**

Volle name en van: _____

Ouderdom: _____ Geboortedatum: _____ Geslag: _____

Datum van arrestasie: _____ Tyd van arrestasie: _____

Plek waar die kind aangehou word: _____

Beweerde misdryf(we): _____

_____ (Bylae no _____)

Datum van voorlopige ondersoek: _____

Plek van voorlopige ondersoek: _____

Bovermelde kind het na bewering bo-vermelde misdryf gepleeg en is gearresteer deur:

Voorletter en van arresterende beampte: _____

Gestasioneer by: _____

***Kinder- en jeugsorgsentrum (indien die kind by 'n kinder- en jeugsorgsentrum aangehou word):** (*skrap indien dit nie van toepassing is nie)

Aan: _____ (Persoon wat die kind by die kinder- en jeugsorgsentrum ontvang)

Bovermelde kind is in die sentrum geplaas en u word hiermee gemagtig om die kind aan te hou tot die voorlopige ondersoek waarna hierbo verwys word. Handtekening van persoon wat die kind ontvang:

Handtekening: Lid

Besonderhede van aangewese proefbeampte:

Naam en van: _____

Kontakbesonderhede: _____

BAIE BELANGRIK: LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE INLIGTING:

1. 'n Aanklaer kan die kind op borg vrygelaat ten opsigte van misdrywe waarna in Bylae 1 of 2 van die Wet verwys word. Indien die kind beskuldig word van die pleging van 'n misdryf waarna in Bylae 3 van die Wet verwys word, mag die kind nie op borg vrygelaat word nie en sal hy of sy in aanhouding bly tot sy of haar verskyning by die voorlopige ondersoek.
2. Die kind sal deur die proefbeampte (sien hierbo vir besonderhede) geassesseer word. Kontak asseblief die proefbeampte om reëlings te tref sodat die kind deur die proefbeampte geassesseer kan word. U moet met die proefbeampte saamwerk om te verseker dat die kind geassesseer word.
3. Na die assessering, sal die proefbeampte besluit hoe daar met die saak voortgegaan moet word en sal u inlig van die volgende stap in die saak.
4. Die kind **MOET** die besluit van die proefbeampte nakom. Indien die kind versuim om die besluit van die proefbeampte na te kom, sal die aangeleentheid na 'n Kinderhof verwys word en die kind sal, ooreenkomstig die Kinderwet, 2005 (Wet No. 38 van 2005), as 'n kind wat sorg en beskerming nodig het, hanteer word.
5. U moet saamwerk om te verseker dat die kind na die assessering die besluit van die proefbeampte nakom.